DIE EIKE

# Nuusbrief Maandeliks

DIE EIKE-SENTRUM VIR UITNEMENDHEID

VOLUME 2 NOMMER 8 OKTOBER 2025

## IN DIE OKTOBER 2025 UITGAWE

**1 | Oordenking:** Om spoor te sny... **Dr. Jan Botha**

**2 | Woord deur die Voorsitter:** Neem uit die verlede.. **Dries Wiese**

**3 | Suid-Afrika as misdaadstaat:** Onderhoud met **Prof. André Duvenhage**

**8 | Nasionale Dialoog - Quo Vadis** **Dr. Braam Hanekom**

**9 | Die status van Afrikaans** Dit is 'n lewenswyse **Jan Bosman**

**12 | Neem uit die Verlede** **Ds. Cassie Aucamp**

**12 | Paul Kruger** 'n Brug tussen verlede en toekoms **Dr. Carel Boshoff**

**14 | Bevryding as Vryheid** Staatsmonopolie op "vryheid" **Daniël Eloff**

**16 | Ons is Afrikaners** 'n Besef dat niemand dit van jou kan wegneem **Prof Wilhelm Jordaan**

**17 | Die naam van die Krugerwildtuin** **Afrikanerbond standpunt**

**18 | Eiendomsregte konferensie** **'n Verslag**

**19 | Eiendomsregte konferensie** **Standpunt**

*Menings uitgespreek in hierdie nuusbrief is nie noodwendig die mening van die Afrikanerbond nie.*

## OORDENKING: OM SPOOR TE SNY...

***Deur dr. Jan Botha***

Iemand sê onlangs in 'n gesprek: "Wat ons nodig het, is mense wat spesialiseer in die onmoontlike!". Dit is so waar en tog ook uitdagend!

'n Fyn kuns wat amper uitgesterf het, is spoorsny. In die weermag was dit destyds 'n verpligte deel van ons opleiding. As jy op skool 'n Voortekker was, het jy 'n voorsprong gehad. Dit is beslis 'n fyn kuns want dit kan die verskil tussen lewe en dood beteken. Die basiese beginsels asook baie praktiese ondervinding is nodig om 'n kenner te wees.



Paulus skryf in sy brief aan die Romeine in hoofstuk 8: 29: "Nou kan hulle die beeld van sy Seun weerkaats. Wanneer hulle in **Christus** se voetspore stap en soos Hy leef, wys dit dat hulle aan God se nuwe familie behoort. Dit plaas die klem op die basiese grondslag of beginsels van geestelike spoorsny.

Ons kan van een saak seker wees: God gebruik elke ding wat in ons lewens gebeur om sy doel te bereik. Vir ons wat vir God liefhet, werk alles tot ons beswil uit. Dit is moontlik want ons is deur Hom gekies want God het elkeen wat Hy vir Hom uitgesoek het se lewe nuutgemaak. Wanneer die basiese grondslag gelê is, kan sy Seun se beeld in en deur ons weerkaats word.

Dit is hoekom ons mense wat spesialiseer in die onmoontlike so nodig het. Hierdie spoorsnyers is mense soos ek en jy. Dit is mense wat daagliks fokus en deur die Gees gelei word om in Christus se voetspore te stap en soos Hy te leef. Hierdeur wys ek en jy dat ons aan God se nuwe familie behoort. Die wonderlike is egter dat Christus natuurlik die heel belangrikste Persoon in hierdie nuwe familie is.

God het besluit wie almal aan sy familie sal behoort. Hy het hulle persoonlik op hulle naam geroep. So het hulle sy kinders geword. Verder het Hy almal wat Hy geroep het, ook vrygespreek van hulle sondes. Om die spoor te verloor beteken om my oë te laat dwaal. Ek kyk die spoor mis omdat ek op ander plekke of dinge fokus. Ek verdwaal want ek het die basiese grondslag en beginsels vergeet.

Aan die ander kant kan 'n mens duidelik sien watter mense se lewe deur die Heilige Gees beheer word want hulle vind weer die spoor. Dit is dan ook hoekom Paulus in Galasiërs 5 die volgende eienskappe van gesoute geestelike spoorsnyers uitspel as:

- Sulke mense gee baie om vir ander, hul ewe-mede-mense want almal is God se skepsels.
- Hulle lewe is vol vreugde. Hulle vier die lewe ten spyte van hul omstandighede, konteks en al die uitdagings rondom hulle.
- Die vrede wat van God af kom, ken en ervaar hulle. Daardie "irene", Goddelike vrede vul hulle met dankbaarheid.
- Hulle verdra ander mense sonder om ooit lelik met hulle te wees.
- Hulle straal vriendelikheid en warmte uit want dit is 'n besluit wat hulle daagliks neem en uitoefen.
- Ander mense wil daarom graag in hulle teenwoordigheid wees.

*(Vervolg op p2)*

## *Oordenking: Om spoor te sny... (verv)*

- Hulle doen goeie dinge vir ander mense want hulle leef met ‘n oop-kop, oop-hart en oop-hand.
- Ander kan altyd op hulle reken omdat hulle self deur dik en dun op God vertrou.
- Hulle is vol deernis en ontferming. Hulle leef daagliks met ‘n sagte hart en kyk met sagte oë na alle mense.
- Die Gees stel hulle in staat om hulleself goed te beheer sodat sonde nooit hoogty in hulle lewe vier nie.

Nou spesialiseer ek en jy in die onmoontlike want die Gees het ons splinternuut gemaak. Daarom moet ons toelaat dat Hy elke dag ons lewe bestuur. Hy moet besluit wat ons dink en sê en doen.

Is dit moontlik om so te lewe? Ja beslis!

- Spandeer daagliks tyd saam met die Drie-enige God
- Word stil, bid en buig daagliks voor Hom
- Vier en fokus op die innerlike vrede wat net van Hom af kan kom
- By fokus en loop in die voetspore
- Leef jou Vader se droom!

Sny weer spoor en vertrou die voetspore van ons oudste broer, Jesus! Spesialiseer so in die onmoontlike!!!

** Dr Jan Botha is Predikant Florauna NG gemeente Pretoria)* ❖

---

## WOORD DEUR DIE VOORSITTER: NEEM UIT DIE VERLEDE WAT GOED EN EDEL IS

***Deur Dries Wiese***
***Voorsitter van die Nasionale Raad***

In die afgelope maand, het die Afrikanergemeenskap in Suid-Afrika weer eens voor uitdagings te staan gekom wat hul regte, kultuur en erfenis direk raak. Van hernieude druk op eiendomsregte tot nuwe benaderings in Afrikaanse onderwys, vandalisme van erfenisplekke en die aanhoudende swak prestasie van die regering, skilder die prentjie van 'n gemeenskap onder toenemende spanning.

Tog, te midde van hierdie storm, lig die oproep vir die viering van Heldedag of Krugerdag op 10 Oktober 'n lig van hoop en eenheid. Pres. Paul Kruger se wekroep. “Neem uit die verlede wat goed en edel is, en bou daarop die toekoms,” beklemtoon die belangrikheid van historiese perspektiewe as fondament vir vooruitgang. Dit beklemtoon opnuut ‘n balans tussen tradisie aan die een kant en vernuwing aan die ander. Aan die een kant die waardevolle en moreel verhewe aspekte van die verlede wat ons moet behou en versterk ten einde ‘n sterker toekoms te skep. Dit is ons uitdaging vandag om te werk vir die behoud van kulturele en morele waardes terwyl ons ook die noodsaaklikheid van ontwikkeling en aanpassing erken. Kruger se woorde dien as ’n tydlose oproep om met wysheid en oordeel uit die verlede te put en daaruit ’n betekenisvolle en volhoubare toekoms te bou.




Op 9 September 2025 het die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte ’n konferensie in Pretoria aangebied oor Eiendomsregte en is die klem telkens geplaas op onteiening sonder vergoeding. Dae daarna breek die nuus oor die ANC-beheerde Stad Ekurhuleni (oos van Johannesburg) in Gauteng wat 34-hektaar eiendom sonder vergoeding onteien. Sakeliga tree ondersteunend op in die saak wat die grense van Artikel 25 van die Grondwet toets. Die kennisgewing van onteiening is reeds in Februarie 2019 bedien en is die saak nou geskeduleer vir bemiddeling in Oktober en 'n 18-dae lange verhoor in Februarie 2026. omdat die stadsregering weier om enige vergoeding te betaal. Volgens Sakeliga het die eienaar ten tyde van die onteiening aansoek gedoen vir ontwikkelingsregte en die eiendom is op nie minder nie as R30 miljoen gewaardeer, met onafhanklike waardasies wat sedertdien so hoog as R64 miljoen vasgestel is.

Ons het telkens gewaarsku teen die wetgewing wat onteiening sonder vergoeding moontlik maak en daarom ook ons bydrae tot die Ad Hoc Groep se konferensie. Meer inligting in die nuusbrief. Die kwessie van onteiening bly ook in die internasionale arena en was dit een van die twispunte van die VSA regering teen die Suid-Afrikaanse regering. Hierdie hernieude bedreiging weerspieël nie net ekonomiese onsekerheid nie, maar ook 'n dieper vrees vir marginalisering in 'n postapartheid-Suid-Afrika.

Die Afrikaanse Taalraad het ’n nuwe verslag oor die status van Afrikaans bekend gemaak en die Afrikaanse Onderwys Netwerk het ook ’n verslag oor Afrikaans in Onderwys bekend gemaak. Die Afrikaanse taal, staan ook voor nuwe uitdagings in die onderwyssektor met die Basic Education Laws Amendment (BELA) Act, wat in September 2024 deur pres. Ramaphosa onderteken is. Regulasies is gepubliseer en die Afrikanerbond sal wel amptelike kommentaar indien oor die regulasies oor kapasiteit en toelating.

Op 23 September 2025 het die EFF 'n mosie in die Mpumalanga wetgewer ingedien wat aanvaar is om die Kruger Wildtuin se naam te verander. Dae daarna is die Kruger beeld in Pretoria gevandaliseer. ’n Replika van die Kruger beeld is reeds onderweg na Orania waar dit later permanente staanplek gaan kry. Hierdie is alles pogings om die Afrikaner gemeenskap van sy

*(Vervolg op p3)*

## Woord deur die Voorsitter: Neem uit die verlede wat goed en edel is (verv)

erfenisse en gevolglike identiteit te stroop. Vir jare al is Afrikaners in die spervuur en word ons geskiedenis telkens verdag gemaak.

Korrupsie en misdaad oorheers in die laaste ruk die dag en elektroniese nuusblaaie. Die regering se onvermoë om te reageer op verskeie kommissies van ondersoek se aanbevelings bring skeptisisme oor nog kommissies na vore. Nou is die polisie minister onder verdenking en word self betrek by misdaadnetwerke. Nog kommissies word gesien as uitstel van aksie, met min na geen vordering. Genl Mkhwanazi van KZN beweer dat kriminele sindikate politici, polisiebeamptes, aanklaers, sakelui en selfs elemente van die regbank insluit. Dit is 'n onaanvaarbare toedrag van sake en druis in teen elke demokratiese waarde. Lees gerus die omvattende onderhoud met prof. André Duvenhage wat verwys na Suid-Afrika as 'n misdaadstaat. Die boublokke by 'n nuwe bedeling begin by elkeen van ons, hoe klein en hoe gering ook al. Dit kan eers gevestig word as ons 'n morele orde aanvaar en toepas.

Heldedag of Krugerdag is op 10 Oktober: Kom ons vier dit! Te midde van al die uitdagings bied 10 Oktober 2025 – die 200ste verjaarsdag van Paul Kruger – 'n geleentheid vir viering en herstel. Kom ons vier dit as 'n dag van Afrikaner-waardes en kulturele trots. Kom ons vier dit: nie as 'n terugkyk en verlang na die verlede nie, maar as 'n oproep tot eensgesindheid en aksie. Deur ons erfenisse te vier, kan ons die bedreigings van vandag die hoof bied en 'n toekoms bou waar Afrikaners hul plek in Suid-Afrika kan verseker. Die laaste maand het getoon dat Afrikaners se stryd nog lank gaan duur maar ons gees gaan onblusbaar en onbreekbaar bly. ❖

## SUID-AFRIKA AS MISDAADSTAAT

***Onderhoud met Prof. Andre Duvenhage gevoer op Dinsdag 30 September 2025.***
***Die onderhoud met prof. André Duvenhage is deur Jan Bosman gevoer terwyl die Madlanga Kommissie na aanleiding van genl. Mkhwanazi se beweringe oor misdadigheid, politieke inmenging en korrupsie sowel as die Spesiale Ondersoek eenheid se verslag oor R2 miljard se korrupsie by Tembisa Hospitaal en verskeie boeke oor korrupsie pas verskyn het. Prof Duvenhage het reeds verskeie artikels gepubliseer oor Suid-Afrika as misdaadstaat***

**Vraag:** *Ons word elke dag gekonfronteer met nog berigte van misdaad, korrupsie en bewering wat politici en amptenare betrek. Korrupsie by die Tembisa Hospitaal beloop R2 miljard. Daar word daagliks gerapporteer oor die kommissie en die uitlatings van generaal Mkhwanazi, wat die polisie minister impliseer. Daar is al soveel inligting gepubliseer maar dit lyk net as of daar niks gebeur nie en asof die politieke wil nie daar is nie.*



***Prof. André Duvenhage***

**Prof Duvenhage:** Ons word op die oomblik oorstroom deur inligting en bewyse wat eintlik al vir dekades bekend en/of vermoed is. Die eerste historiese breuk op pad na 'n misdaadstaat het gekom in die vorm van die Wapenskandaal en die gepaardgaande Seritikommissie van ondersoek, wat onmiddellik vir Jacob Zuma, Thabo Mbeki en Joe Modise (senior ANC-politici) geïmpliseer het. Daarna het die omstandighede rondom kartelle en misdaad-sindikate binne Eskom en ander soortgelyke instellings in samehang met die hele Chancellor-House episode uitgespeel. Chancellor-House was gesien as die besigheidsarm vir die ANC en het geld op 'n korruptiewe wyse vir die ANC bekom. Hoewel daar 'n ondersoek was na die aangeleentheid, het geen optrede gevolg nie. Later het die Moerane Kommissie van Ondersoek na georganiseerde sluipmoorde, skynbaar gedryf uit KwaZulu Natal, ook niks opgelewer nie en is letterlik onder die mat gevee. Dit was egter die multi-miljard Zondo- kommissie wat letterlik met omvangryke bewyse Suid-Afrika formeel binne 'n misdaadstaat konteks geplaas het. Parallel hiertoe het heelwat ondersoekende joernaliste verskeie aspekte van Suid-Afrika as 'n misdaadstaat verder blootgelê.

Ten spyte van al hierdie ondersoeke (asook talle ander insidente en episodes -te veel om te noem oor die laaste drie dekades) was daar nêrens enige substantiewe optrede nie. Trouens, enige optrede teen vooraanstaande politici en/of burokrate is konsekwent geblokkeer of net oor tyd heen versaak. Laasgenoemde hang baie nou saam met die inploffing van die strafregstelsel of die kaping van sodanige stelsel sodat mafia's, kartelle en misdaad instellings effektief beskerm kon word. Die "transformasie staat" is effektief hervorm tot 'n "misdaadstaat" met die ANC in die episentrum van die problematiek. Meer onlangs het die Mkhwanazi stellings en die daaropvolgende Mahlanga -kommissie nuwe bewering gemaak wat die hele politieke bedeling opnuut tot in sy fondamente geskud het en die bestaan van 'n misdaadstaat herbevestig het.

As daar ooit twyfel was oor Suid-Afrika, soos byvoorbeeld die maak van vergelykings met Venezuela, Afganistan, El-Salvador en ander voorbeelde wat algemeen voldoen aan die kriteria gestel vir 'n misdaadstaat, is dit nou bo alle twyfel uit die weg geruim.

Die belangrike punt is dat Luthuli-Huis (die hoofkantoor van die ANC) sentraal staan binne die Suid Afrikaanse misdaadstaat, waar sentrale koördinering van aktiwiteite skynbaar aan die orde is. Bewyse afkomstig vanuit onder meer die Zondo-kommissie van ondersoek asook getuienis voor die Mahlanga-kommissie plaas die ANC sentraal binne die misdaadstaat en word spesifiek geïmpliseer in misdaad aktiwiteite. Fikile Mbalula is onlangs aangehaal waar hy sou gesê het

*(Vervolg op p4)*

## *Suid-Afrika as misdaadstaat (verv)*

dat indien daar opgetree moet word teen misdaad (meer spesifiek korrupsie) in die ANC, dan sou hulle almal, insluitend die tee-dame, aangekla moes word. Bogenoemde bevestig die omvang, maar ook die sistemiese aard van die misdaadstaat wat oor dekades heen in Suid Afrika tot stand gekom het.

***Vraag:*** *Hoe word 'n staat omskryf en wat behoort die taak van 'n staat te wees? Hoe word dit deurgetrek na 'n misdaadstaat en wat is die toepassing in Suid-Afrika?*

**Prof Duvenhage:** 'n Staat word geken aan 'n bepaalde geografiese domein wat soewereiniteit veronderstel. Dit beskik oor 'n owerheid en onderdane (die burgery). Hierdie owerheid is veronderstel om die politieke stelsel of die politieke regime te wees en die burgery is diegene wat nou as't ware nie net vryhede en regte het binne die staat nie, maar eintlik primêr ook belangrike verantwoordelikhede. Hierdie verhouding word binne die veronderstelde "sosiale kontrak" tussen eersgenoemde en laasgenoemde beklemtoon. Hiervolgens is die taak van die staat om 'n openbare regsorde in algemene belang van alle burgers ten alle tye te handhaaf.

***Hier word bepaalde ooreenkomste gesluit tussen die politieke elite en die misdaad elite - tot so 'n mate dat jy nie meer kan onderskei wie is polities en wie is krimineel nie.***

'n Groot probleem wat ons in Suid-Afrika, het is dat alle burgers (soms ook onwettige inwoners) die vryhede en die regte opeis, maar niemand kom die verantwoordelikhede na, in terme van wat ons vroeër na verwys het as 'n sosiale kontrak nie. Die kern van 'n staat, is om 'n openbare regsorde, in die algemene belang van alle burgers, in stand te hou en die burgers moet bydrae tot die opbou van die land, belasting betaal en die wet gehoorsaam. Dit is tans allermins die geval in Suid Afrika.

Om hierdie lyn deur te trek na misdaadstate moet daar na gepaste voorbeelde verwys word. Historiese voorbeelde van misdaadstate en nou praat ek van, van letterlik twee-, driehonderd tot vyfhonderd jaar gelede was Italië met sy bekende Mafias (op 'n stadium vier families) wat eintlik interne kompetisie was vir die staat (of wat as staat in hierdie tyd bestaan het) en op hulle manier waardes en skaarsmiddele gesaghebbend probeer toewys het. Laasgenoemde is die veronderstelde taak van die staat en 'n kompeterende/konflikterende situasie ontwikkel.
Net so was daar Japan met sy Yakuza en Rusland met die Bratva, wat sy eie tipe Mafia was met soortgelyke praktyke binne ander kontekste. Wat ons hier sien is instellings wat in kompetisie was met die staat, en wat waardes en skaars middele gesaghebbend in eie reg probeer toewys het.

As ons dan kom by Suid-Afrika is daar 'n baie belangrike kwalifiserende onderskeid. Die bogenoemde voorbeelde het opgetree in wat beskryf kan word as "sterk state". Suid-Afrika en talle ander voorbeelde van misdaadstate in die huidige tydsgewrig, is verswakkende state. Wat ons hier sien is dat wet en orde nie behoorlik gehandhaaf word nie, terwyl staatsgrense ook nie behoorlik beskerm word nie. Sodoende ontstaan politieke vakuums wat die nodige suurstof verskaf vir misdaad instellings wat kan groei tot 'n volledige misdaadstaat. Organisasies en instellings funksioneer dus binne hierdie politieke vakuums of disfunksionaliteit van die staat. Om die geval van Suid-Afrika nog verder uit te lig word hier bepaalde ooreenkomste gesluit tussen die politieke elite en die misdaad elite - tot so 'n mate dat jy nie meer kan onderskei wie is polities en wie is krimineel nie. Laasgenoemde is 'n belangrike onderskeidende eienskap van 'n misdaadstaat en is duidelik deur die Zondo-kommissie van ondersoek asook ander kommissies, ondersoekende joernalistiek, hofsake en so meer uitgewys. Dit plaas Suid Afrika binne die kategorie van 'n misdaadstaat.

Dit wat nou by die Mkhwanazi verhoor uitgekom het, beklemtoon opnuut wat by die Zondo kommissie en vele ander reeds uitgewys is as voorbeelde van misdaadstaatpraktyke. Wat ons hier sien, is dat die misdadigers effektief beheer van die staat begin oorneem en dan kry jy die patroon van staatskaping - endemiese en sistemiese korrupsie, wat ook die fokus was van die Zondo-kommissie van ondersoek.

In die Suid-Afrikaanse konteks moet ons ook 'n verdere belangrike aspek beklemtoon. Daar is 'n politieke narratief wat die misdaadstaat in Suid Afrika ondersteun, beveilig en in stand hou. Dit begin by die Nasionaal Demokratiese Revolusie-Idee met die ANC as die draer van die vaandel van die revolusie wat nou in verskeie fases die bewind wil oorneem en die samelewing transformeer tot 'n sosialistiese staat. Die toepassing van 'n radikale ideologie in terme van transformatisme, sluit in kaderontplooiings en meganismes om die staat en politieke stelsel te beheer en te kontroleer. Sodoende kry jy patronaatskappe met misdadigers wat as 'n politici funksioneer. Patronaatskappe stel 'n grondslag daar, waarvolgens kaders binne die politieke stelsel (regime) onder die leiding van die ANC in regering funksioneer, beheer neem van die politieke stelsel en 'n grondslag daarstel vir endemiese en sistemiese korrupsie (staatskaping). Soos wat die staat verswak, word hierdie misdaad elemente (patronaatskappe) al hoe sterker. Hierdie tendens is ook baie sterk waargeneem by ZANU-PF in Zimbabwe.

Om te konkludeer, Suid-Afrika voldoen aan die kenmerke van 'n formele staat in 'n bepaalde territorium, beskik oor 'n bepaalde politieke stelsel gedryf deur 'n demokratiese grondwet, en politieke instellings op verskeie vlakke. Dit is alles mooi beskryf op papier. As ons egter kyk na die toepassing hiervan, dan vind ons dit word transformatief toegepas in terme van die ideo-

*(Vervolg op p5)*

## *Suid-Afrika as misdaadstaat (verv)*

logie van "transformatisme" - 'n ideologie wat fokus op sosiale en politieke ingenieurswese. Hierdie ideologie verskaf die politieke raamwerk en bied beskerming vir misdadige elemente. So het die "transformatiewe staat" homself hervorm tot 'n volledige "misdaadstaat". En wat uiteindelik 'n sosialisties gelyke staat/samelewing moes gewees het, is 'n staat wat bestaan uit misdadigers soos die "Big Five sindikaat, die Cat Matlala's, die politici geïmpliseer, die Dark Prince's" en vele ander - letterlik 'n mafia-agtige organisasie binne die raamwerk van die staat. Hierdie praktyk wyk baie ver af van dit wat vroeër beskryf is as die veronderstelde taak van die staat, naamlik om 'n openbare regsorde in algemene belang te handhaaf.

***Vraag:*** *U verwys na die term misdaadstaat. Daar is kommentators wat praat van 'n mafiastaat, en dan word terme ook gebruik soos kartelle en sindikate. Dit dui egter alles op misdadige koppelings. Ons het tans misdaadnetwerke wat ook vloei na die politiek toe, wat vloei na die regbank toe, wat vloei na amptenare toe en 'n hele misdaad-ekostelsel voed. Dit is nie 'n onlangse verskynsel nie. Is die deur nie al opgemaak in 2008 met die ontbinding van die Skerpioene vir staatskaping nie en het die politieke bande nie toe al reeds baie ver gestrek in die misdaadnetwerke nie?*

**Prof Duvenhage:** Daar is verskillende terminologieë wat in hierdie verband gebruik word. Die klassieke een wat uit die ortodokse Turks ontleen is, is Pakhanate staat, wat afgelei is van Russiese terme met verwysing na misdaadbase en feodale monargieë in Asië voor die totstandkoming van die nasionale staat. 'n Volgende praktyk was die mafiastaat wat 'n tipe van 'n ooreenkoms was tussen die staat en georganiseerde misdaad. Al hierdie vorme het een gemene deler, naamlik georganiseerde misdaad enersyds en daar is samewerking of 'n samehang tussen jou politieke rolspelers en die kriminele elite binne die betrokke staat.

'n Kantlyn opmerking - met verwysing na die Russies-Oekraïnse oorlog en die Russiese politiek en wat alles daar gebeur het, het moontlik hier betrekking. Die Russiese politiek is 'n tipiese voorbeeld van 'n Pakhanaat staat, of dan 'n 'n Mafia-staat. Kyk na Poetin met sy oligarge en hoe hulle die politiek van Rusland bedryf. Daar is letterlik netwerke van administratiewe lyne wat elkeen sy eie stukkie korrupsie pleeg. Om die korrupsie te kan pleeg, betaal hy iemand anders. So kom uitgebreide misdaadnetwerke tot stand – baie soos dit wat ons tans binne Suid Afrika waarneem.

Die term wat ons vandag die beste gebruik is die misdaadstaat. My oordeel is dat dit die mees oorkoepelende konsep is. Maar terme soos Mafia-staat, Pakhanate en Misdaadstaat word dikwels as sinonieme gebruik om dieselfde politieke praktyke te beskryf.

Rondom die Skerpioene wat in 2008 ontbind is: Toe Jacob Zuma oorgeneem het in 2007/8, het ons met skok die radikale besluite gesien wat hy geneem het in die bestek van bykans 'n jaar om mense uit senior posisies te verwyder en te vervang met lojaliste. Hy het letterlik 'n staatsgreep van binne die ANC uitgevoer en die politieke bedeling oorgeneem in die tydperk na die Polokwane-konferensie van 2007. Een van die skuiwe was juis om die Skerpioene te verwyder. Sedert daardie tyd het ons konstant te make gehad met wat ons genoem het staatskaping en veral ten opsigte van die Veiligheidskluster en ook die Strafregstelsel.

Staatskaping is nie 'n term uniek aan Suid-Afrika nie. Dit is 'n term met 'n Oos-Europese herkoms wat na vore getree het en die eerste keer deur finansiële instellings soos die Wêreldbank, gebruik is om eintlik 'n situasie te beskryf na die val van die Oos-blok, waar die kommunistiese bewinde in duie gestort het. Toe het kriminele of krimineel georiënteerde elemente beheer van die politieke bestel oorgeneem. Dit is natuurlik baie interessant dat Vladimir Poetin (as KGB-agent) met die val van die Berlynse Muur in 1991 ook ondergronds beweeg het en in St. Petersburg deel van die politieke onderwêreld geword het. Bronne verwys na hom as 'n onderburgermeester van St. Petersburg op daardie tydstip. Uit daardie misdaadomgewing het hy effektief vir hom 'n politieke grondslag gebou om later die bewind in Rusland polities oor te neem. Misdadige elemente was altyd baie na aan sy politieke bestel en magsbasis. Hierdie situasie is vandag steeds aan die orde in Rusland.

***Zuma het letterlik 'n staatsgreep van binne die ANC uitgevoer en die politieke bedeling oorgeneem .***

Ons kan hier 'n belangrike parallel deurtrek na Jacob Zuma en toe hy destyds afgedank is. Zuma het teruggewerk na die mafias en die taxi-industrieë in KwaZulu-Natal en sy politieke magsbasis vandaar gebou om die leierskap van die ANC en later die politieke bewind oor te neem. RW Johnson skryf oor hierdie patroonmatigheid in van sy werke. Dit beklemtoon ook die misdaad agtergrond van die ANC wat oor dekades strek en sy leierskap waaronder die van Jacob Zuma wat in hierdie geval geïmpliseer word. So het Zuma homself gekonsolideer en is die ANC effektief geïnfiltreer met politieke/misdadigers. Daardie proses het na sy oorname meer formeel gestalte gekry en is beslag gegee aan 'n misdaadstaat. Dit het bly groei en het formeel geïnstitusionaliseer geraak om ook die veiligheidskluster (Korrektiewe dienste, die Polisie, die Weermag, Staatsveiligheid en Intelligensie) te betrek. Dit was die patroon wat later as staatskaping bekend geword het.

Zuma is eventueel op 'n kontroversiële wyse in sy politieke loopbaan gestuit. Sonder om in hierdie besonderhede in te gaan het dit eventueel gelei tot die politieke geweld in KZN en dele van Gauteng tydens 2021. Hierdie geweld was 'n direkte georganiseerde opstand, ondersteun vanuit die regime (regime elemente lojaal aan Jacob Zuma) onder meer vanuit die veiligheidskluster. Sodoende is verhoed dat Zuma sy vonnis kon uitdien vir misdade wat oor jare heen gestrek het. Talle van die staatskapers Brian Molefe en

*(Vervolg op p6)*

## Suid-Afrika as misdaadstaat (verv)

ander, bevind hulle op die oomblik steeds binne die MK-party –'n party wat misdadigers polities beskerm en nie sal skroom om politieke geweld te gebruik nie. Vandag is die MK-party 'n groot politieke faktor (veral in KZN) en gaan hul myns insiens ook 'n rol speel in wie uiteindelik polities by Ramaphosa gaan oorneem.

***Vraag:*** *Is die misdaadnetwerk in die ANC, nie al vroeër en voor 1994 gevestig nie? Iemand soos professor Stephen Ellis het al geskryf hoe korrup die ANC was in die struggle-jare met korrupsie en ook met dwelm netwerke en met diamante smokkel. Toe die staat in 1994 oorgeneem is, is die misdadigheid net nog verder gevoer. Is dit 'n korrekte waarneming?*

**Prof Duvenhage:** Die waarneming is 100% korrek. Dit is natuurlik 'n patroon wat ons gekry het by bevrydingsbewegings van daardie tyd, in die 1960's tot 1980's. Bewegings het baie keer van misdadige elemente gebruik gemaak, ten einde geld, status en invloed te bekom. Dwelmhandel was onder meer hier betrokke. Suid Afrikaners was bewus daarvan dat daar ook by talle ANC-lede dwelmprobleme en dwelmafhanklikheid was. Ook binne die senior leierskap van die ANC. So daar is geen twyfel dat die misdaad element toe reeds baie sterk teenwoordig was, en dat dit gefunksioneer het onder leierselemente binne die organisasie. Dit was egter ook nie net kriminele misdaad nie, maar daar was ook 'n vorm van politieke kriminaliteit teenwoordig binne die ANC. Ons het dit ook gesien in die strafkampe Quatro en ander kampe in Angola wat deur Amnestie Internasionaal voor 1994 ondersoek is. In van my navorsing het ek ook by die name uitgekom van mense wat doodgeskiet is in hierdie kampe, in wat nie anders nie, as ernstige kriminele misdaad beskryf kan word onder die vlag van politieke bevryding. Na 1994, toe die ANC die beheer oorgeneem het, het daardie elemente ook in die amptelike strukture van die staat gevestig geraak en deel van die kultuur geword. Later het hierdie elemente al hoe meer gekonsolideer geraak, tot in 'n fase van staatskaping waar ons vandag via die transformasiestaat gegroei het en opgeëindig het in 'n misdaadstaat.

***Bevrydingsbewegings het baie keer van misdadige elemente gebruik gemaak, ten einde geld, status en invloed te bekom.***

Dit is ook 'n bekende praktyk in state soos byvoorbeeld, Rusland, Iran, Afghanistan en lande in Suid-Amerika, wat deur misdaad, groot hoeveelhede geld inbring en eintlik 'n misdaad-ekonomie bedryf onder die vaandel van 'n staat. Dit is in hierdie gevalle waarteen die Amerikaners (die VSA) nou militêr begin optree en waar sekere van hierdie konvooie, wat dwelms vervoer, militêr aangeval word. Interessant dat Rusland en China onlangs ooreenkomste met Suid Amerikaanse state (geassosieer met misdaad en veral dwelmhandel) gesluit het om hul teen Amerikaanse aggressie te beskerm.
Ek is ook bewus van verslae in Suid-Afrika en die buiteland wat wys op hoe dwelmmiddels, veral heroïen, in Asië vervaardig word en sy weg vind tot in Oos-Afrika en natuurlik ook Suidelike Afrika. Dit is interessant dat Mosambiek en KwaZulu-Natal geïmpliseer word in hierdie verband. Dit kan dus nie uitgesluit word dat die politiek in KwaZulu-Natal se mafia bedrywighede nie net nasionaal en plaaslik is nie, maar dat daar heel waarskynlik ook 'n internasionale verbintenis is. Dit word in verslae bevestig, asook in die plasing van Suid Afrika op die sogenaamde "Gryslys" vir misdrywe.

***Vraag:*** *Mens kan hieruit aflei dat die stelsel verrot is tot in sy kern. Tans word die polisie minister ook geïmpliseer deur een van sy kommissarisse. Ons het 'n stelsel waarin geen direkteur van openbare vervolging ooit 'n termyn klaargemaak het nie. Byna elke SAPD-kommissaris het ook sy of haar pos moes verlaat weens een of andere obskure rede. Daar is min vertroue in die strafregstelsel. Die vertroue in die polisie is die laagste in amper 17-jaar op vlakke van 22%. Hoe kry mens so 'n stelsel weer reg?*

**Prof Duvenhage:** Selfs polisiekommissarisse is van misdaad aangekla en reeds skuldig bevind. Met die feite nou tot ons beskikking (na die Mkhwanazi beweringe en die bevindinge van onder meer die Zondo-kommissie), is dit duidelik dat die stelsel al vir dekades problematies is. Talle vrae bestaan soos:

Kan mens 'n stelsel wat inherent korrup is en wat inherent verrot is (tot in sy diepste wese) weer reggeruk? Kan jy dit vervang met 'n ander beter stelsel en watter weg of proses moet gevolg word? Kan die praktyk van 'n misdaadstaat wesenlik hervorm word? Ek twyfel baie sterk! Trouens, ek weet nie eers of die politieke wil bestaan om hierdie praktyke te wil verander nie. As jy die stelsel wil hervorm, moet jy op die oomblik met die ANC leierskap in onderhandeling tree en ek is bereid om te sê ek weet nie van 'n enkele een wat kan sê hy of sy is 100% skoon in hierdie misdaadomgewing nie. Ramaphosa het die Phala Phala kwessie en daar is nou weer talle nuwe beweringe vanuit die Madlanga-ondersoek wat sy familie aan beweerde misdaad verbind. Daar is ook talle ander insidente wat genoem kan word. Duidelik is ook die President van Suid Afrika hier gekompromitteer. Paul Mashatile word verder gesien as een van die mafia-leiers in Gauteng terwyl Gwede Mantashe ook geïmpliseer word op die hoogste vlak. Kyk maar net na al die name in die Zondo verslag en diegene wat nou geïmpliseer word in die Madlanga Ondersoek om hierdie punt te motiveer. Ondersoekende joernaliste het ook talle name, misdade en ander praktyke in hierdie verband blootgelê.

Dit is waarom ek altyd sê die krisis wat ons gehad het in die laat tagtiger jare en die opbou tot en met die 1994 verkiesing en die 1996 Grondwet was 'n bitter moeilike fase. Baie gaan van my verskil, maar ek dink dit is dalk nie perfek hanteer nie, maar dit is meer goed as sleg hanteer, in die beste belang van alle Suid Afrikaners.
Die uitspeel van daardie verhaal het uiteraard nou 'n nuwe stel uitdagings op tafel geplaas. Vandag se uitdagings is moeiliker as wat ons dertig jaar gelede ge-

*(Vervolg op p7)*

## *Suid-Afrika as misdaadstaat (verv)*

had het. As jy die stelsel wil verander, dan sal jy 'n blaadjie uit die boek van Mbeki en die ander Stigtings moet haal. Ons kan nie die antwoord hier polities by die politieke elite gaan soek nie, want hulle is geïmpliseer. Ons sal op 'n voetsool-vlak met burgerlike organisasies moet begin werk. Ons sal waardes moet vestig. Ons al norme moet bou. Kortom, jy sal die grondslag vir die staat moet bou, alvorens jy die mure kan bou en die dak kan opsit.

Die krisis waarmee ons hier te make het, is nie 'n krisis van die demokrasie nie, maar is 'n krisis van die staat as staat. Om hierdie krisis te beskryf, het ek in ŉ onlangse aanbieding met vier scenario's gewerk.

Die een scenario was dat ons toenemend ontwikkel in wat ons vandag ken as Haïti - eens die simbool van vryheid wat verval het, en in totale chaos, anargie, misdaad en wat alles daarmee saamgaan. Dit is presies die teenoorgestelde van wat die aanvanklike verwagting was en dit is 'n baie slegte scenario.
Die tweede scenario het ek genoem die ZANUfikasie van Suid-Afrika. Dit is waar hierdie misdaad en uitdagings geïgnoreer word, en daar word veral op twee punte gekonsentreer, naamlik, Ramaphosa moet polities verwyder word en daar word besluit om kwytskelding vir almal te gee vir korrupsie en korrupsieverwante aanklagte - ‘n tipe van korrupsie-amnestie. In hierdie scenario vind MK, EFF en die ANC mekaar en hulle dryf Suid-Afrika op die ekstreem linkerkant en eintlik is dit maar net 'n voortsetting van praktyke soos geassosieer met die misdaadstaat onder sterk oorhoofse politieke beheer van ‘n Stalinisties-georiënteerde instelling. (Die ANC vervorm tot ‘n MK-ANC-EFF.) Soos die vorige een is hierdie ‘n uiters slegte scenario en moet ten alle koste verhoed word.
Die derde scenario is die een van 'n sinkende skip. Hier gee jy letterlik nie aandag aan die kwessies waaraan jy moet aandag gee nie. Die kwessies en probleme hou maar net aan gebeur en jy bereik 'n krisispunt waarskynlik tydens 2029. Ons kan ook meer as een RNE op pad na 2029 vorm, maar die skip sink geleidelik en al hoe vinniger.
Die laaste scenario is die een wat ek in die begin beskryf het, dat ons moet teruggaan na die basiese dinge toe. Dat die normatiewe grondslag vir die staat gedefinieer moet word, dat daar inbinding verkry moet word, en dat jy bepaalde vereistes en kwalifikasies (polities gesproke) baie strenger sal moet geld. Ek gaan een voorbeeld noem. Jy kan nie mense by plaaslike regerings aanstel as raadslede, as hulle nie kan lees en skryf nie. Maar daar's baie ander dinge wat ook gedoen moet word. Die staat/stelsel moet letterlik vanuit die grond af herbou en reggemaak word. Ons staan op die oomblik waarskynlik voor die grootste uitdagings sedert 1994 indien nie sedert 1910 nie. Wat duidelik is, is dat Suid Afrika voor groot veranderinge staan wat die wese van die Suid Afrikaanse politieke bestel fundamenteel kan verander vorentoe.

***Vraag:*** *As ons kyk na die sekuriteit industrie in Suid-Afrika. Aktiewe SAPD-lede het verminder van 193 297 in 2011 tot ongeveer 180 000 in 2023. Hierteenoor het privaat sekuriteitsbeamptes gegroei van 50 000 in 2001 tot 675 000 in 2024. Tans is daar reeds 15 113 geregistreerde private sekuriteit ondernemings teenoor die 8 144 van 2014. Is die staat nie tot ŉ groot mate reeds geprivatiseer nie?.*

**Prof Duvenhage**- Dit is belangrik om by te voeg dat daardie selfde privaat veiligheidsinstellings, die polisie en die staat uit die moeilikheid gehelp het in die 2021 opstande in KwaZulu-Natal toe die veiligheidsmagte gefaal het. Maar dit is dieselfde vyftienduisend maatskappye teen wie die ANC nou wetgewing in die geheim via NEDLAC probeer deurkry oor vuurwapenbesit, ten einde nog strenger beheer oor wapenbesit en wapenbeheer uit te oefen. Dit is juis, omdat 'n misdadige ANC ŉ bedreiging sien in die privaat besit van wapens.

Hier is nog ŉ verdere perspektief. Soos wat die staat inplof, begin ons as burgers al hoe meer beheer oor ons eie heil en lot neem. Dit geld ten opsigte van talle omgewings - polities, ekonomies en maatskaplik. Heinings word gespan om woonbuurtes af te sper soos Middeleeuse vestings in belang van veiligheid en sekuriteit. Sonpanele vind hul weg op dakke om stabiele elektrisiteit te verseker; en Jojo-Jojo tenks word opgerig om water te kan kry. Veiligheidswagte word aangestel om ons voertuie en ander eiendom op te pas. Dit terwyl van die hoogste persoonlike belastings ter wêreld deur ‘n relatief klein deel van die bevolking betaal word. Soos wat die staat verval, is hier alreeds iets in ŉ embrio, iets nuuts aan die ontwikkel. Frans Cronje en ander praat van “enklawe-politiek”, en toenemend word gesien dat enklawes al hoe meer selfstandig en outonoom na vore tree - bloot gedryf deur die politieke, ekonomiese en maatskaplike realiteite van die dag.

***Die krisis waarmee ons hier te make het, is nie 'n krisis van die demokrasie nie, maar is 'n krisis van die staat as staat.***

My langtermyn perspektief op Suid-Afrika is dat hierdie krisisse wat ons nou het moeilik vorentoe bestuur gaan word en dat ‘n slegte-saak scenario meer waarskynlik is. Dit gaan eventueel uitspeel in terme van kleiner vorme van identiteit en ‘n identiteitsbewussyn wat op die een of ander wyse polities geakkommodeer sal moet word. Dit mag die balkanisering van Suid Afrika op die langer termyn beteken maar daar is ook ander opsies. Die omstandighede kan ook beteken dat ons weer die hele groter politieke bedeling en die staatkundige orde (soos wat dit histories tot stand gekom het tydens 1910) sal moet herbekyk en herbepaal.

Ek dink die hef aan vir politieke verandering lê nog voor! En daar's nog nie gepraat oor wat in die wêreld (Internasionaal) aan die gang is en die dinamika ‘s wat daar kan uitspeel met verreikende implikasies vir Suid-Afrika nie. ❖

## NASIONALE DIALOOG - QUO VADIS

**Wat ons by die afskop van die Nasionale Dialoog kon leer**
**Deur dr. Braam Hanekom**


*Dr. Braam Hanekom*

Die afgelope sewe jaar het ek die voorreg gehad om intens by die fasilitering van inklusiewe gesprekke in dorpe en stede regoor Suid-Afrika betrokke te wees. Meer as 100 sulke gesprekke is reeds gefasiliteer. Toe ek die uitnodiging kry om die afskop van die Nasionale Dialoog by te woon het ek onmiddellik besef dat hierdie ʼn saak is waaroor daar groot meningsverskil bestaan. Om verstaanbare redes. Ek het egter bietjie gevoel soos iemand wat vir jare lank rolprente gemaak het en dan skielik ʼn uitnodiging na die Cannes-rolprentfees kry. Jy bedank gewoon nie so ʼn uitnodiging nie.

Uit die 100 Dorpe Dialoog, wat danksy die NG Kerk en die Sentrum vir Publieke getuienis van die grond af kon kom, het ons reeds heelwat lesse geleer. Ek het vermoed dat dieselfde temas wat in feitlik elke gesprek aan die orde gekom het, ook by die Nasionale Dialoog sterk sou figureer. Dit was inderdaad so. Armoede en werkloosheid, misdaad en geweld en onsekerheid en angstigheid oor ons jeug leef in almal en elke gemeenskap se gemoedere. Tog het ons ook ander lesse by hierdie eerste byeenkoms geleer.

**Lesse geleer**
Daar is vooraf heelwat vrae gevra oor finansies, logistiek en veral of die ANC die geleentheid vir eie gewin sou misbruik. Na die twee dae se bywoning sal ek van die vrae graag so wou beantwoord.

Nooit het ek die gevoel gekry dat daar uitspattig met geld omgegaan is nie. Die logistiek het ons geduld, om die minste te sê, beproef, maar nooit so dat dit vir my die gevoel gegee het dat die byeenkoms gaan ontspoor nie. Wat die ANC betref, het die president se openingstoespraak die naaste aan politieke opportunisme gekom. Vir die res was die twee dae ʼn uitbarsting van frustrasie, woede en bitterheid oor die situasie in die land. Tydens die gesprek oor korrupsie in die groot ouditorium het dinge so warm geraak dat adjunkpresident Paul Mashatile die saal verlaat het. (Hy het later gesê hy het ʼn ander afspraak gehad.)

Daar was egter vele ander hoogtepunte. Bo-aan die lys was waarskynlik die warm informele gesprekke met ander afgevaardigdes in die wandelgange en oor die etenstafel. Daar leef inderdaad een groot begeerte by almal. Wat ons tans in Suid-Afrika sien, is nie goed genoeg nie. Dinge moet reggemaak word.

Maar ek het ook ander belangrike dinge geleer. Suid-Afrika is inderdaad ʼn land propvol seer, pyn en trauma. ʼn Sielkundige het tydens een van die paneelbesprekings daarop gewys dat ons eintlik met voortgaande trauma en pyn sit wat oor generasies oorgedra is. Dit geld vir alle rassegroepe. Die probleem is dat pyn, wat jy dink jy verwerk het en wat dan weer geaktiveer word deur een of ander gebeurtenis, ʼn reaksie in die brein veroorsaak wat rasionaliteit kruisig en jou emosioneel laat reageer. Ons sien dit deesdae oral. Veral op sosiale media. Die probleem is dat ons juis nou nugtere, rasionele denke en optrede oor sake soos die ekonomie, misdaad en onderwys nodig het. Beslis nie emosionele, ideologies-gedrewe politieke retoriek nie.

ʼn Tweede saak het my diep laat dink. In ʼn wegbreekgroep oor armoede en ongelykheid het iemand die belangrike opmerking gemaak dat finansiële ongelykheid nie ons grootste uitdaging is nie, maar wel ruimtelike ongelykheid. Dit was ʼn direkte verwysing na die haglike situasie in ons townships. Terwyl politici die hele tyd oor landbougrond raas, is daar ʼn veel meer basiese behoefte wat miljoene mense se lewens raak. Daar is na my mening tans oorgenoeg landbougrond in staatsbesit om die behoefte na landbougrond te kan bevredig. Veral as die grond aan kundige en opgeleide mense oorgedra word. Ons oorbevolkte townships het egter die broeiplek van armoede, misdaad en ander sosiale euwels geword.

Laat ek egter weer bevestig. Opmerklik was die uitbarsting van frustrasies wat telkens beleef is. Op die eerste dag was mense nog redelik terughoudend en het hulle die situasie dalk net deurgekyk en opgesom. Later is alle versigtigheid oorboord gegooi. Op ʼn stadium het ek aan iemand langs my gesê dat, as die ANC gedink het hulle kan die proses kaap, het hulle ʼn groot fout gemaak. Wat wel waar is, is dat as hierdie proses nie na behore bestuur word nie, dit in ʼn revolusie kan eindig.

***As die ANC gedink het hulle kan die proses kaap, het hulle ʼn groot fout gemaak.***

**Wie was teenwoordig en waarom so min wit mense?**
Die betrokkenheid van deelnemers was egter iets om te sien. Ek het aanvanklik gedink dat die organiseerders, na die ontrekking van die Stigtings gaan sukkel om die saal vol te kry. Daar was op die ou end 1200 mense. Twee honderd meer as wat regtig behoorlik hanteer kon word. Na die konferensie het ek vir mense op voetsoolvlak, in landelike gebiede gevra wat hulle van die Nasionale Dialoog dink? Ek praat nou van mense soos petroljoggies tot hekwagte by die Nasionale Kruger Wildtuin. Deur die bank was daar groot belangstelling en is ek met opgewondenheid uitgevra as hulle gehoor het dat ek daar was.

Wat my diep geraak het, was hoe die vroue in die saal telkens begin sing het as daar ʼn krisis was. Iemand het byvoorbeeld flou geval en nooddienste moes ingeroep word. Op ʼn stadium wou die 200 mense in die "oorloop" saal ook die hoof ouditorium binne kom en is verrigtinge onderbreek. Telkens het die vroue egter

*(Vervolg op p9)*

## Nasionale Dialoog - Quo Vadis(verv)

begin sing. Ander het by hulle aangesluit. Die sang het aangehou tot die situasie opgelos is.

Ek wonder of daar 50 wit afgevaardigdes in totaal was. Talle mense (onder andere die sekretaris generaal van SARK) het met groot ongemak aan my gesê, dat dit onaanvaarbaar is. Die vraag waarmee ek na die tyd geworstel het, was hoe ons en in besonder die Afrikaner 'n groter plek om die tafel gaan kry. Daaroor sal ons moet kopkrap. Die eerste besluit wat egter geneem sal moet word, is of ons deel van so 'n inklusiewe proses wil wees en of ons op ons eie wil voortgaan om êrens 'n plekkie in die Afrika son te kry.

**Die pad vorentoe**
Tydens die skrywe van hierdie artikel is daar steeds gespook om 'n sentrale stuurkomitee saamgestel te kry. Die idee is egter dat daar nou dialoog in 13 000 munisipale wyke gevoer moet word. Ook moet sektorale gesprekke en distriksgeprekke plaasvind. Individuele organisasies is egter ook genooi om gesprekke te fasiliteer. Oor die 13 000 wyksgesprekke het ek groot vrae. Dit kan die groot geldvreter in die proses word en ons weet dat munisipale wyke nog grotendeels uit homogene etniese groepe bestaan. Ons het egter nou inklusiewe, diverse gesprekke nodig waar ou narratiewe uitgedaag kan word. Eggo-kamers moet afgebreek word en groter begrip moet vir mekaar gekweek word. In elke gemeenskap wat ons tot nou toe besoek het, was wantroue aan die orde van die dag, binne kultuurgroepe en oor kulturele grense heen. Hierdie wantroue moet aangespreek word.

Dit is my oortuiging dat kerke en ander geloofsgemeenskappe 'n besonderse rol kan en moet speel om van hierdie gesprekke te reël en te lei. Kerke en verskillende denominasies sal daarvoor moet hande vat. Kerke kan nie van politici dinge verwag wat hulle nie self bereid is om te doen nie.

**Waardes en beginsels**
Diegene wat belangstel in dialoog kan gerus na die waardes en beginsels gaan kyk wat vir die dialoog geformuleer is. Dit is op die webtuiste beskikbaar. Ek lig net enkeles uit:

- Soms is daar soveel geraas in ons eie kop dat ons nie meer die stemme van ander kan hoor nie.
- Laat gaan die idee dat jy altyd reg moet wees.
- Deel met vrymoedigheid jou mening, maar luister terselfdertyd ook met respek.
- Die dialoog moet uitloop op transformasie wat positiewe verandering en heling tot gevolg het.
- Ons het veilige en inklusiewe ruimtes nodig vir die gesprek.
- Ons moet leer om saam te droom en saam te bou aan 'n nuwe toekoms

Ek hoop regtig dat daar leierskap in eie geledere sal opstaan om kerke en ook ander kultuurorganisasies op hierdie pad te help lei.

**'n Laaste woord.**
Natuurlik moet die Nasionale Dialoog tot daadwerklike aksie en verbetering lei. Maar onthou, op die ou end is daar iets wat belangriker is as die regmaak van slaggate. Dit is die heelmaak van ons mense en verhoudinge. Voor die verhoudinge nie na behore herstel is nie sal die paaie en munisipaliteite onder druk bly. Ek kan dit uitvoerig verduidelik, maar dit is 'n gesprek vir 'n ander dag.

*Dr Hanekom is oudmoderator van die NGK in die Wes-Kaap en voormalige direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis. Tans is hy trustee-lid van die Hoop en Versoening Trust.* ❖

---

## DIE STAND VAN AFRIKAANS - DIT IS 'N LEWENSWYSE

***Deur Jan Bosman***
***Hoofsekretaris van die Afrikanerbond***

Op 5-6 September is 'n werksessie van die Afrikaanse Taalraad (ATR) gehou in Paarl in die Wes-Kaap. Tydens die geleentheid wat bygewoon is deur verskeie Afrikaanse organisasies, rolspelers en belangegroepe het die Afrikaanse Taalraad 'n omvattende verslag bekend gestel oor houdings oor Afrikaans.

Die verslag sal aangevul word deur insette wat tydens die werksessie gemaak is en dan later formeel beskikbaar gestel word vir bespreking en dan veral moontlike aksies met doelgerigte uitkomste vir die Afrikaanse gemeenskap.

Die status van Afrikaans verslag het veral gefokus op die gebruik van Afrikaans in die gesin en familie, geloofsektor, laer onderwys, hoëronderwys, samelewing, werkplek, en media en tegnologie. Die Data-insameling vir die verslag is behartig deur MarkData deur veldwerkers in 50 spesifiek geïdentifiseerde gebiede in al nege provinsies in Suid-Afrika. Op die wyse is persoonlike onderhoude met 2 083 Afrikaanssprekendes gevoer. Deelnemers moes Afrikaans as huistaal of addisionele taalgebruik.

Van die voorlopige bevindings is: (Soos gerapporteer deur Netwerk24)

**Taalgebruik in die gesin en omgewing**

- In taalgebruik in die gesin en omgewing is gekyk na die mate waartoe Afrikaans altyd gebruik word vir kommunikasie tussen lede van die gesin en familie grootouers, ouers, broers en susters, kinders) asook in verhoudings (lewensmaat) en met vriende en bure.
- Afrikaans word wyd in en om die gesin gebruik, veral onder ouer mense, wys die studie.

Daar is egter 'n afname van taaloordrag tussen generasies en laer gebruiksvlakke in gesinne se onmiddellike omgewing, veral in stedelike gebiede.

*(Vervolg op p10)*

## Die stand van Afrikaans - Dit is 'n lewenswyse (verv)

Taaloordrag in gesinsverband geld as 'n bepalende faktor in die toekomstige lewenskragtigheid van 'n taal en Afrikaans kan in dié verband as bedreig beskou word.

**Taalgebruik in die geloofsektor**

Die gebruik van Afrikaans tydens geloofsbyeenkomste, in gesprekke met geestelike leiers en geloofsgenote, en vir gebed en godsdienstige leesstof is in ag geneem.

Die studie het bevind Afrikaans word nog algemeen in die geloofsektor gebruik, maar eerder in meer informele situasies soos gesprekke met geloofsleiers as in meer formele situasies soos dienste en byeenkomste. Jonger generasies gebruik Afrikaans konsekwent minder in geloofsituasies en die gebruik van die taal in hierdie sektor kan as bedreig beskou word.

**Taalgebruik in basiese onderwys**

Die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal en taal van kommunikasie tussen skole, kinders en ouers daal tussen kleuter- en hoërskoolvlak, luidens die studie.

Selfs in Afrikaanse skole is Engels toenemend teenwoordig terwyl die gebruik van tweetalige skole groei. Dit plaas Afrikaans in die basiese onderwys op 'n gevaarlike trajek, wys die studie.




- 74,3% van die respondente se kinders is in Afrikaanse kleuterskole wat tot 58,7% op hoërskoolvlak daal;
- Afrikaans as die uitsluitlike onderrigtaal daal van 46,1% op kleuterskoolvlak tot 35,3% op hoërskoolvlak;
- 37,4% van ouers sê dat hul laerskoolkinders altyd take in Afrikaans doen, iets wat tot 33,5% op hoërskoolvlak daal.

**Taalgebruik in hoër onderwys**

Afrikaans se teenwoordigheid in openbare universiteite word toenemend tot simboliese funksies beperk en selfs die informele funksies van Afrikaans is onder druk, luidens die studie.

Met slegs enkele private instellings wat Afrikaans se hoër funksies handhaaf, kan die taal in die hoër onderwys as ernstig bedreig beskou word.

- Slegs 27,3% van die respondente noem dat hulle altyd in Afrikaans onderrig word met meer as 53% wat sê dat hulle ook in Engels onderrig word.
- 27,4% van die respondente dui aan dat hulle altyd met dosente in Afrikaans kommunikeer.
- 23,2% van hulle het altyd toegang tot Afrikaanse studiemateriaal en 20,9% tot Afrikaanse handboeke. 22,5% kan werkopdragte en 24,8% eksamens in Afrikaans doen.

**Taalgebruik in die groter gemeenskap**

In die groter gemeenskap word Afrikaans toenemend vir informele funksies soos gesprekke in supermarkte en met huisdokters gebruik en minder in formele situasies soos by staatsdepartemente of munisipaliteite.

Afrikaans se rol in die groter samelewing neem af en kan in hierdie sektor as bedreig beskou word.

**Taalgebruik in die werkplek**

In taalgebruik in die werkplek word gekyk na die gebruik van Afrikaans vir funksies soos gesprekke met klante, toesighouers, kollegas en werknemers, e-posse aan verskillende mense, kommunikasie met klante en vir openbare optredes.

Die gebruik van Afrikaans is hoër in meer informele situasies (soos in gesprekke met kollegas) as in meer formele situasies (soos in gesprekke met klante).

**Media en tegnologie**

Taalgebruik in tradisionele media soos TV en radio, gedrukte koerante en SMS'e, asook in nuwer media soos sosiale media, podsendings en in taaltegnologie.

- Respondente tussen 35 en 49 jaar oud gebruik Afrikaanse tegnologieë die meeste, met 29,2% wat gereeld apps gebruik vir vertaling en 29,3% wat kunsmatige intelligensie (KI)-instrumente gebruik.
- Jonger respondente (16 tot 24 jaar) maak heelwat gebruik van KI-instrumente (26,7%) en Google Translate (26,3%), maar gebruik Afrikaanse tegnologieë andersins minder gereeld. Die 50+-groep gebruik digitale hulpmiddels die minste (tussen 21% en 24%).

Veral ouer sprekers maak gebruik van tradisionele Afrikaanse media soos gedrukte koerante en boeke, radio, en televisie.

Jonger verbruikers verkies internasionale digitale platforms met min Afrikaanse inhoud.

Digitale sigbaarheid is dus 'n uitdaging vir Afrikaans.

**Taalhoudings**

In taalhoudings word Afrikaanssprekendes se houdings oor taal, kultuur en identiteit ondersoek. Dit sluit in houdings oor moedertaalonderwys en teenoor anderstaliges en ander kulture. Taalhoudings geld as 'n belangrike faktor in die lewenskragtigheid van 'n taal. Dit is 'n belangrike aanduiding van die lewenskragtigheid.

- Afrikaanssprekendes is baie positief oor hul taal, identiteit en kultuur. Hulle voel sterk oor die waarde van Afrikaansonderwys – maar ook oor die waarde van Engels-onderwys, wys die studie.
- Jonger mense wys 'n ietwat swakker verbondenheid aan Afrikaans, 'n negatiewe neiging.
- Negatiewe neigings in die gebruik van Afrikaans sluit in verswakte taaloordrag tussen die generasies en dalende taalgebruik deur jonger sprekers.

Afrikaans staan ook formele funksies af wat op 'n inkrimping van gebruik dui, luidens die studie.

Lees die aanlyn berig by https://www.netwerk24.com/nuus/aktueel/so-groei-en-krimp-gebruik-van-afrikaans-studie-deur-afrikaanse-taalraad-20250905-1170

**Afrikaanse Onderwys**

Die uitvoerende hoof van die Afrikaanse Onderwysnetwerk (AON), Daan Potgieter, het tydens die sessie Saterdag in 'n werksessie oor die stand van Afrikaanse onderwys gesê statistieke wys 289 Afrikaansenkelmediumskole het in die afgelope sewe jaar landwyd verdwyn. In 2016 was daar landwyd 1 274 Afrikaansen-

*(Vervolg op p11)*

## *Die stand van Afrikaans - Dit is ’n lewenswyse (verv)*

kelmediumskole en teen 2023 net 985. Nasionaal is daar 1 001 020 Afrikaanse leerders in die stelsel.

Wat openbare skole aanbetref is daar 22 381 skole in die stelsel met 12 785 821 leerders in al nege provinsies.

In die Oos-Kaap het die Afrikaansmediumskole van 2016 tot 2023 afgeneem van 173 tot 107; in die Vrystaat van 78 tot 44; in Gauteng van 137 tot 97; in KwaZulu-Natal van 10 tot drie; in Limpopo van 15 tot 12; in Mpumalanga van 17 tot 10; in die Noord-Kaap van 184 tot 142; in Noordwes van 51 tot 50; en in die Wes-Kaap van 609 tot 520.

Die vooruitskatting is dat daar teen 2040 tussen 200 en 300 minder openbare Afrikaansenkelmediumskole sal wees

In 2024 was daar oor Suid-Afrika heen 2 469 onafhanklike skole met 191 Afrikaanse skole (7,74%). Hierin was 23 866 Afrikaanse leerlinge, oftewel 3,22% van die totale getal leerlinge wat landwyd in onafhanklike skole was.

***Vanuit die samevatting van die AON verslag dui dit daarop dat Afrikaanse onderwys in die afgelope dekades nie net bly voortbestaan nie, dit het in vele opsigte ontwikkel en aangepas in ’n veranderende onderwyslandskap.***

Vanuit die samevatting van die AON verslag dui dit daarop dat Afrikaanse onderwys in die afgelope dekades nie net bly voortbestaan nie, dit het in vele opsigte ontwikkel en aangepas in ’n veranderende onderwyslandskap.

Ondanks ’n afname in die getal Afrikaanse skole, wys die data dat Afrikaanse leerders en gemeenskappe toenemend hul keuse vir moedertaalonderrig bevestig met hoër leerdergetalle per skool, stabiele akademiese prestasie en ’n groeiende waardering vir Afrikaans as onderrigtaal. Hierdie vasberadenheid en veerkragtigheid vorm die grondslag vir ’n volhoubare toekoms vir Afrikaans in die onderwys.

Ten spyte van die bedreigings wat identifiseer is, is daar ook baie positiewe tekens. Die kwaliteit van Afrikaanse onderrig is onbetwisbaar, gemeenskapsbetrokkenheid is sterk, en Afrikaanse onderwysnetwerke, formeel en informeel, groei en verdiep. Afrikaanse skole, kleuterskole en beperkte tersiêre instellings lewer uitsonderlike werk binne ’n moeilike beleids-, politieke en ekonomiese klimaat. Leerders se toenemende waardering vir Afrikaans as taal van onderrig, sowel as die belangstelling in voortgesette studie in Afrikaans, bevestig die taal se veerkragtigheid en relevansie.

Hierdie verslag bevestig dat die voortbestaan van Afrikaanse onderwys nie toevallig sal wees nie. Dit moet doelgerig beplan, deeglik bestuur en kollektief gedra word. Die toekoms van Afrikaans in onderwys lê nie net in statistieke en strukture nie, maar in die harte, keuses en handelinge van ouers, onderwysers en leerders van elke dorp en stad tot elke klas en kleuterskool.

Hierdie verslag van die Afrikaanse Onderwys Netwerk is reeds aanlyn beskikbaar gestel deur die Afrikanerbond. U kan gerus die volle verslag lees en kommentaar of insette stuur na kommentaar@abond.co.za
Lees die volledige verslag: https://online.fliphtml5.com/hwiua/vgrr/ of stuur ’n e-pos aan ons om die verslag per PDF te ontvang

**’n Waarneming na die Status van Afrikaans verslag (ATR) en die stand van Afrikaanse Onderwys (AON)**

Die afname in Afrikaanse skole is ’n duidelike teken dat Afrikaans in die onderwyssektor onder druk is. Data toon dat Afrikaanssprekende leerders deur gesinne al hoe meer verengels, wat ’n bedreiging vir die taal se voortbestaan inhou. Om hierdie tendens te keer, moet ons verder kyk as net die klaskamer. Afrikaans is nie net ’n vak of voertaal nie.

Afrikaans is ’n lewenswyse wat in alle sfere van die samelewing gekoester moet word. Dit is waar ons uitdaging is. Die bevordering van Afrikaanse onderwys vereis ’n geïntegreerde aanpak en ’n breër siening want Afrikaans as lewenswyse betrek die gesin, die gemeenskap, die skole, die Kerke, media en sosiale media en sosiale interaksie.

- In die gesin moet ouers Afrikaans as ’n lewende taal aanmoedig deur dit in daaglikse gesprekke te gebruik.
- Gemeenskappe en kerke kan kulturele aktiwiteite en eredienste in Afrikaans aanbied om die taal se relevansie te versterk.
- Skole moet nie net Afrikaanse onderrig behou nie, maar ook innoverende maniere vind om die taal aantreklik te maak, soos deur digitale platforms en moderne leerhulpbronne.
- Die media speel ’n sleutelrol deur Afrikaanse inhoud – van boeke tot films en sosiale media plasings – te bevorder.
- Om Afrikaans te red, moet ons dit laat leef in sosiale interaksie.

Dit alles vra egter om ’n bewuste keuse om Afrikaans te praat, te skryf en te vier. Slegs deur ’n samewerkende poging in huise, gemeenskappe en instellings kan ons verseker dat Afrikaans nie net in die onderwys nie, maar as ’n integrale deel van ons identiteit floreer.

- Met ’n Afrikaanse ekosisteem skep ons ’n waardeketting vir Afrikaans want dit is deel van identiteit.
- Ons moet dus holisties na Afrikaans kyk. As ons ’n gesonder Afrikaanse ekosisteem het, het ons gesonde onderwys.

Hopelik is die ATR verslag oor die Status van Afrikaans en die Afrikaanse Onderwys Netwerk (AON) se verslag die begin van die proses om Afrikaans as lewenswyse te vestig. ❖


## NEEM UIT DIE VERLEDE.....

*Ds. Cassie Aucamp*
*Redakteur: Die Kerkblad*

**Met die vriendelike instemming van ds. Cassie Aucamp plaas ons graag sy siening oor Paul Kruger soos gepubliseer in die September 2025 uitgawes van Die Kerkblad.**

Soos met enige literêre werk, ja selfs soos met enige Skrifuitspraak, moet ons hierdie beroemde uitspraak van Staatspresident Paul Kruger in sy historiese konteks sien om die waar de en betekenis daarvan te deurgrond.

Ons voorblad verbeeld dit op treffende wyse: Die gryse president, eensaam in die vreemde, omring deur 'n meer van eensaamheid ... in ballingskap … En tog: 'n Rustigheid op die gelaat, meesterlik vasgevang deur die beeldhouer, Anton van Wouw. 'n Beeld van vrede. Want op sy skoot voor hom oop is "die enigste boek wat hy ooit gelees het", aldus sy biograaf DW Kruger. En dis die boek waarvan sy jarelange pastor, ds. Petrus Postma gesê het: *Het Woord Gods was voor hem het wetboek, de profetiën der Schrift, de poolster in duister dagen.*




Duister dae was dit inderdaad: self is hy in die vreemde; oor sy stad, Pretoria, wapper die Britse Union Jack; sy mense, waar van baie uit ballingskap teruggekeer het, is verarm deur die "verskroeide aarde" wat op hulle gewag het; begroet deur die wegwees van meer as 34 000 vroue en kinders wat in konsentrasiekampe gesterf het. 'n Verwoeste verlede.

En tog skryf die gryse president vir sy mense: Put uit daardie verlede. *Soek in die verlede al die goeie en die mooie wat daarin ontdek kan word*. AL die goeie en die mooie. Want in die verlede van 'n mens, 'n huis, 'n volk, is daar dinge wat deur geen vyand weggeneem kan word nie, deur geen imperiale mag verower kan word nie. Sekerlik die terugdink aan suksesse, maar by uitstek die geloof en die oorgegewe toewyding aan die Here. En ...

*Vorm daarvolgens u ideaal en poog om daardie ideaal vir die toekoms te verwesenlik.* Dit is die taal van 'n kind van die Here wat nie verlede, hede en toekoms gesien het as 'n nimmereindigende sirkel nie, maar as 'n pad met 'n bestemming. En dit is geloofstaal. Taal van 'n swakke mens wat weet: U krag word in ons swakheid volbring.

Dalk vertolk die digter Jan FE Cilliers dit ten beste: "*Na lye en strye het steeds U genade, die harte se smarte verligting geskenk; Uit storme se woede het altyd die goede, soos daagraad na die donker verskyn op U wenk*". Sou die ou president daar in die vreemde gedink het aan die woorde van Jeremia: *Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin* (Jer.6:16).

Dit is in hierdie gesindheid dat ons ook in hierdie gedenk uitgawe, presies 200 jaar na die geboorte van Paul Kruger, wil terugkyk, die mooie uit sy verlede wil neem. Soos 'n vorige redakteur, prof. Amie van Wyk, in die gedenkuitgawe van *Die Kerkblad* wat in Julie 2004 'n honderd jaar na die dood van Paul Kruger verskyn het, geskryf het:
"*Paul Kruger was 'n mens, 'n sondige mens, met foute en feite, tekortkomings en kortsigtighede, maar ook 'n man van geloof en hoop wat in alles voor die aangesig van God probeer leef het, Bybel in die hand, knieë op die grond."*

So wil ons hom onthou. Daarom is die tema van hierdie uitgawe 200 jaar na sy geboorte nie "Paul Kruger, Afrikanerleier, Boerepresident" nie, maar: "Paul Kruger, man van God."

Mag u ook by die lees van hierdie merkwaardige verhaal, uit sy verlede neem *al die goeie en die mooie wat daarin ontdek kan word,* en in merkwaardig-ander omstandighede poog om u toekoms volgens daardie ideaal te verwesenlik. ❖


---

## PAUL KRUGER - 'N BRUG TUSSEN DIE VERLEDE EN DIE TOEKOMS

*Deur dr. Carel Boshoff*
*Voorsitter van die FAK*

***Tydens Erfenisdag het die Paul Kruger replika vanaf die Voortrekkermonument vertrek na Orania. Langs die pad sal die beeld in verskeie dorpe aangaan en op 10 Oktober met Paul Kruger se 200ste verjaarsdag 'n permanente staanplek in Orania kry. Dr Carel Boshoff, Voorsitter van die FAK het by die geleentheid gepraat en het ingestem dat ons die teks plaas***.

Hier gebeur vandag iets. Wat ons beleef is nie bloot die herrangskikking van gedagtes of die inkleding van denkbeelde nie, dit is 'n betreklik klein gebeurtenis wat die werklikheid verreikend verander. Dit is soos die eerste trillings waarop daar dalk 'n aardebewing kan volg. Dit het begin toe die FAK, onder omstandighede wat vergelykbaar is met wat ons tans weer beleef, 'n bedreigde baken van ons identiteit en geskiedenis só deeglik gedoku-


*Dr. Carel Boshoff*

*(Vervolg op p13)*

## *Paul Kruger - 'n Brug tussen die verlede en die toekoms (verv)*

menteer het, dat die gelyke daarvan gemaak kon word.

Met baie water wat intussen in die see geloop het, gebeur daar vandag iets, maar wat is dit wat gebeur, waaraan ek sulke geskiedkundige belang verbind? Is dit net dat hier 'n dierbare en waardevolle beeld na 'n veilige oord gevoer word? Of is dit net dat die gees van Paul Kruger as't ware weer tot lewe geroep word wanneer hierdie ewebeeld, soos hy self sê maar 150 jaar gelede, sy republiek deurkruis het om sy burgers te woord te staan, om die hartklop van sy mense te voel? Want dit alleen sou al groot en gedenkwaardig wees, maar hier gebeur iets méér, u is getuies van iets méér.

In hierdie trek van oom Paul se grootse ewebeeld, ewe soos die een wat op Kerkplein staan, na Orania, is ons besig om juis te doen wat hy ons aan die einde van sy lewe aangeraai het om te doen, nl. om die mooie en die goeie uit die verlede te neem en die toekoms daarop te bou. Maar wat beteken dit vandag? Om sy geboorte 200 jaar gelede, of sy jeug gedurende die Groot Trek en die vestiging van die Boere republieke, of sy dapper leiding deur groot uitdagings, of sy dapperheid in taaie stryd, of sy geloof en sin vir roeping, of sy ballingskap en eensame lyding in die vreemde, in herinnering te roep? Dit beteken al hierdie dinge, want dit op sigself is al groot en belangrik, maar dit beteken méér.

Ons staan naamlik voor 'n uitdaging wat eie is aan die groot ritme van ons volk se geskiedenis, waarskynlik eie aan die menslike geskiedenis as sodanig. Die ritme van gevestigde ordes wat deur die tyd agterhaal raak, waarbinne mense eens tuis was, maar dit nie langer kan wees nie en nie weer die ou tuisvoel kan terugwen nie. Die gevestigde orde waarbinne mense hulle weg gevind het omdat dit vir hulle goed en reg gelyk het, en wat vir hulle goeie vooruitsigte gebied het, blyk toenemend ontoepaslik, selfs ondenkbaar te wees. Diegene wat daardeur begunstig is, wil so lank moontlik so veel moontlik daarvan behou, maar die groeiende getal ongelukkiges begin die toon aangee. Dink byvoorbeeld aan tye in die geskiedenis wat op slawerny gebou is – dit het mettertyd net meer onaanvaarbaar en terugskouend selfs onverstaanbaar geword.

By die oorgang tussen ordes hunker die wêreld as't ware na die nuwe omdat die ou orde verbygegaan het, maar weet nie hoe die nuwe orde moet lyk of hoe dit gaan werk nie. Daarom betree die betrokke gemeenskap, volk, samelewing, staat, ryk of beskawing 'n gevaarlike tyd waarvan die kragte van ontbinding sterker as die kragte van binding word. Dit is 'n keerpunt waarop mens nie weet of daar weer orde ná die chaos van ontbinding en verlies verwag kan word nie – in elk geval nie sonder om self daarop in te gryp nie.

Só was dit vir die Vryburgers en Trekboere onder die Britse bewind aan die Kaap, tot dié mate dat hulle die wanorde agtergelaat het op soek na 'n beter grondslag vir 'n nuwe, beter orde buite die grense van die destydse kolonie. Dit loop uit op die Groot Trek, 'n volksverhuising waarvan die sukses meermale aan 'n dun draadjie gehang het omdat die nuwe orde wat die oue moes vervang, buite sig gebly het. Nie net die slag van Vegkop, Silkaatsnek en Bloedrivier is voorbeelde daarvan nie, maar ook die betreklik onbekende slag van Swartkoppies in 1863 waarby Boer op Boer geskiet het en wat tot die dood van minstens sewevolksgenote gelei het – en waar Paul Kruger as leier sy staal gewys het. (Dit is waaroor die drama "Kruger breek die pad oop" wat vanmôre hier opgevoer is, en wat nou saam met die beeld deur die ou republieke trek, handel.)

Maar die punt is nie net om die goeie en die skone uit die verlede te neem nie, dit is om die toekoms daarop te bou en om die hede reg te verstaan – en dit is waarin die waarde en betekenis van vandag se gebeure te vinde is.

U weet en ek weet hoe die kragte van ontbinding vandag met die kragte van behoud in stryd verkeer. Ons weet instinktief dat ons op die breuklyn staan tussen 'n ou orde waaraan ons nie kan vashou en waarheen ons nie kan terugkeer nie, maar sonder dat die nuwe orde nog duidelik verskyn. Uit ons oogpunt lyk dit nie of daar vir ons orde ruimte sal wees as ons dit nie skep nie. Dit lyk asof die geskiedenis ons agterlaat soos 'n boer op sy plaas aan die Oosgrens in die 1820's, of 'n Soutpansberger in die 1860's, of 'n armlastige gesin in Vrededorp in die 1930's. Daar is geen belofte dat enigiemand anders na ons belange en identiteit omsien in die vestiging van die huidige orde nie, altans niemand buiten onsself nie.

> ***Die punt is nie net om die goeie en die skone uit die verlede te neem nie, dit is om die toekoms daarop te bou en om die hede reg te verstaan.***

Daarom is hierdie byna onbekostigbare onderneming, om hierdie beeld te maak en op Orania te gaan oprig, van soveel betekenis. Hoeveel keer het ons onsself afgevra of ons, gegewe die nood van ons mense, regtig kan bekostig om dit te doen, en elke keer was die antwoord dat ons nog minder kan bekostig om dit nié te doen nie.

Ons weet nog nie hoe presies ons nuwe orde gaan lyk nie, maar ons weet dat ons dit, onder Gods genade, self sal moet skep. Ons weet dat ons Afrikanergeskiedenis met die ou republieke, soos met die Unie en die nuwe Republiek verweef is en dat dit nog grootliks bepaal waar ons woon en wat ons doen, maar ons weet ook dat ons lankal nie meer alles het wat ons eenmaal gehad het nie – en ook maar goed, want nie alles in ons verlede was mooi en goed en werd om op te bou nie. Dié waarheid lê ook in pres. Kruger se woorde opgesluit.

Die punt is dat in Orania, waarheen die beeld nou gaan vertrek, daar dinge gedoen en gevestig en gebou

*(Vervolg op p14)*

## Paul Kruger - 'n Brug tussen die verlede en die toekoms (verv)

word wat net dáár gedoen en gevestig en gebou kan word. Dit neem niks van enigiemand weg nie, maar dit lê die grondslag vir iets waarsonder ons Afrikaners nie die toekoms kan ingaan nie, naamlik 'n plek wat onbetwisbaar ons eie is. Daar bou ons self – in elke enkele sin van die woord, daar word ons taal nie verdring of betwis nie, word ons beelde en monumente nie bedreig of beskadig nie, daar word ons geloof en tradisie gekoester en uitgebou. Dit sluit nie uit nie, maar sluit aan by die goeie werk wat op talle ander plekke en terreine verrig word, soos hier by die kultuurtuiste wat die Voortrekkermonument vir ons mense geword het, en dit voeg daartoe iets by waarsonder ons nie 'n orde wat aan die eise van ons aard voldoen, sal kan vestig nie.

Hierdie beeld en hierdie unieke onderneming, waarvan ek nie weet of daar in die wêreld al sy gelyke was nie, slaan 'n brug tussen die verlede en die toekoms, slaan 'n brug tussen Kerkplein en Orania se stadsplein wat nou nog veld is soos Kerkplein eenmaal veld was, slaan 'n brug tussen ons mense, waar hulle ookal is en wat hulle ookal doen, omdat ons lot in die toekoms, soos in die verlede, aan mekaar verbonde is. Daarom wens die FAK Oom Paul 'n veilige reis en 'n geseënde verblyf toe en wens ons dat in elke Afrikanerhart die vryheidsvlam weer hoog sal brand. ❖

## BEVRYDING AS VRYHEID - STAATSMONOPOLIE OP "VRYHEID" IS SELFVERNIETIGEND

***Deur Daniël Eloff***

*Die onderstaande artikel is op 26 April 2025 in die aanlyn platform* ***Ontlaer*** *gepubliseer. Met die vriendelike vergunning van Daniël Eloff en met erkenning aan Ontlaer plaas ons dit graag.*



*Daniël Eloff*

In 'n land waar die woord "vryheid" meer as dertig keer in die Grondwet voorkom, sou 'n mens dink dat die konsep daarvan duidelik, omvattend en onbetwisbaar is.

Maar soos dit dikwels die geval is, is dit wat die meeste gesing word, juis dit wat die minste verstaan word. Die Suid-Afrikaanse begrip van vryheid is nie so universeel of fundamenteel soos ons graag glo nie. Dit is eerder 'n tydelike instrument, vasgevang in die raamwerk van bevryding en regstelling.

Die grondwetlike vryheid waarvan ons dikwels hoor, is nie vryheid as sodanig nie, maar eerder vryheid *as bevryding*. Hierdie vorm van vryheid bestaan hoofsaaklik in reaksie op die verlede, 'n reaksie op apartheid, op kolonialisme en op ongelykheid. Dit is 'n vryheid wat leef in die verlede, nie in die toekoms nie en beslis nie as 'n universele beginsel nie. Die Suid-Afrikaanse begrip van vryheid is dus beperk, voorwaardelik, en uiteindelik, onvolhoubaar.

Hierdie benadering tot vryheid waar dit gelykgestel word aan bevryding is nie net 'n teoretiese verskuiwing nie, maar 'n paradigmatiese een, wat vir die afgelope drie dekades toegepas word. Hierdie beskouing van vryheid as bevryding word byna dogmaties deur ons howe en akademici aanvaar.

Bevryding impliseer 'n opposisionele raamwerk, waar iemand bevry moet word van iets en deur iemand anders. Vryheid, in teenstelling, is 'n natuurlike toestand en nie iets wat verleen word nie, maar iets wat erken moet word. Wanneer 'n samelewing vasgevang bly in die narratief van bevryding, soos Suid-Afrika alreeds vir eeue is, dan bly vryheid altyd 'n toekomshoop of 'n staatlike projek, eerder as 'n huidige en geldende reg. Dit verklaar waarom baie Suid-Afrikaners, selfs na drie dekades van grondwetlike demokrasie, steeds nie vry voel nie. Ons is in 'n permanente proses van "bevryding", sonder die voltooiing wat ware vryheid veronderstel.

**Vryheid in die geskiedenis**

Toe die Suid-Afrikaanse Grondwet in 1996 aangeneem is, was dit die produk van 'n tydsgees wat gesmag het na versoening en regstelling. Dit was die morele kontrak van 'n nuwe demokratiese bestel wat gegrond was (ten minste in teks) op die idee dat alle burgers voortaan gelyk sou wees voor die reg. Maar selfs met hierdie edele ambisie het 'n subtiele, dog belangrike, omskrywing van vryheid plaasgevind: vryheid is nie gesien as iets wat intrinsiek aan elke mens behoort nie, maar as iets wat die staat aan jou moet gee. Jy het die reg tot vryheid, sê die Grondwet, en nie dat jy vry is nie.

In die Amerikaanse Verklaring van Onafhanklikheid, 1776 word dit uitdruklik gestel dat alle mense as gelykes geskape is, "*begenadig deur hul Skepper met sekere onvervreembare regte,*" onder andere, "*lewe, vryheid en die strewe na geluk.*" Hierdie perspektief aanvaar dat vryheid nie 'n geskenk van die staat is nie, maar 'n geboortereg wat die staat slegs behoort te erken en te beskerm. Die staat is dus 'n waghond, nie die bron van vryheid nie. In teenstelling hiermee beskou die Suid-Afrikaanse Grondwet vryheid as iets wat deur staatsoptrede verwesenlik moet word—'n reg wat geskep, bestuur en soms voorwaardelik toegeken word. Hierdie staatsgerigte begrip van vryheid plaas die individu se onafhanklike bestaan ondergeskik aan die staat se geskiedkundige en maatskaplike projek, met die gevolglike risiko dat vryheid nie as 'n ewige en onaantasbare reg bestaan nie, maar as 'n politiek gedefinieerde guns, wat uitgereik of ingeperk kan word volgens die vereistes van die tydsgees.

Hierdie verskil klink akademies, maar is allesbehalwe. As vryheid slegs deur die staat gegun kan word, dan kan dit ook baie makliker deur die staat beperk, opgehef, of weerhou word, soos ons gereeld sien in die

*(Vervolg op p15)*

## *Bevryding as vryheid (verv)*

verskille tussen wie se spraak as haatspraak gesien word, en wie s'n nie. In een hofsaak word 'n vlag verbied en in 'n ander word 'n lied waarin die dood van 'n bevolkingsgroep besing word, toegelaat. Die gevolglike diskoers is nie 'n samelewing waar vryheid geld vir almal nie, maar een waar die geskiedenis en sy komplekse konteks bepaal wie beskerm word en wie nie.

**Die Verlies van Vryheid**
Die klassieke begrip van vryheid, naamlik negatiewe vryheid, soos deur Locke en Mill beskryf, beklemtoon die afwesigheid van dwang, die ruimte vir die individu om sonder inmenging van die staat hul eie pad te kies. Dit is die soort vryheid waarop Westerse demokrasieë hulself gebou het, en wat beskou word as die fondament van menswaardigheid. Hierdie idee het in die Suid-Afrikaanse konteks egter plek gemaak vir iets anders. Vryheid as die poging tot aktiewe bemagtiging van sekere groepe, dikwels ten koste van ander, maar ironies nie tot die realisering van die beoogde bemagtiging nie.

Ons regspraak bevestig hierdie verskuiwing telkens. Pleks daarvan om vryheid as die grondslag van die regstaat te sentreer, word dit een van drie gelyke (weereens, ten minste in die teks) waardes, saam met gelykheid en menswaardigheid, maar waar die uitleg daarvan afhang van die spesifieke behoeftes van maatskaplike transformasie. In die praktyk beteken dit dikwels dat gelykheid (in Suid-Afrika verstaan as gelykmaking, nie as gelyke behandeling nie) die oorhand geniet.

*Die reg tot vryheid self word ondergeskik gestel aan 'n ideologiese tydlyn*

Hierdie neiging om vryheid te beskou as 'n funksie van staatsbemagtiging eerder as beskerming teen staatsinmenging, het tot gevolg dat ons regspraak dikwels eerder meet watter groepe genoeg "bevry" is om van sekere regte gebruik te mag maak, as om te vra of elke individu daardie regte van meet af het. Die aanname is dat vryheid nog nie gerealiseer is nie, en daarom in sekere gevalle selfs onderdruk moet word, veral wanneer dit konflik veroorsaak met die sogenaamde doelwitte van transformasie. Dit skep 'n kringredenasie: omdat vryheid nog nie volledig bereik is nie, kan dit beperk word in diens van verdere bevryding. En só word die reg tot vryheid self ondergeskik gestel aan 'n ideologiese tydlyn.

**Vryheid vir Wie?**
Die ware toets van vryheid lê daarin of dit beskikbaar is vir almal, altyd, en sonder politieke voorbehoud. Wanneer 'n reg nie universeel geld nie, verloor dit sy morele legitimiteit. Dit is nie net die vryheid van die onderdruktes wat saak maak nie, maar ook die vryheid van die voormalige oortreders, die randfigure, die ongewildes, en ja, selfs die bevoorregtes. Juis almal se vryheid moet beskerm word, want dit is die toets van 'n ware vryheidsorde.

Vryheid wat afhang van jou identiteit of jou groep se plek in die geskiedenis, is nie vryheid nie, dit is voorkeur. Die regsfilosoof Friedrich Hayek skryf immers dat die reg blind behoort te wees vir die individu, dit moet nie weet wie jy is nie, dit moet jou nie ken nie, en dit moet nie omgee nie. Die reg, volgens Hayek, se krag lê juis in sy onpersoonlikheid, m.a.w. sy universele toepaslikheid.

**Die Regstaat vs. Die Volkswil**
Een van die mees onderskatte foute van ons Grondwetlike raamwerk is die mate waarin dit op die beweerde volkswil, eerder as op universele beginsels, gegrond is. En ek sê spesifiek "beweerde", want die volkswil is nooit 'n vaste of homogene saak nie - dit is 'n vloeibare ding wat gevorm en gemanipuleer kan word deur ideologiese strominge en tydsgebonde sentiment.
In die Duitse *Grundgesetz (*Grondwet), byvoorbeeld, word die waardigheid van die mens as onaantasbaar verklaar, nie as deel van 'n poging tot geskiedkundige herstel nie, maar as ewige waarheid. Dit is die soort ewige beginsel wat 'n ware vryheidsbegrip anker. Suid-Afrika se Grondwet, aan die ander kant, het die "bevryding" van groepe as uitgangspunt, en nie die inherente vryheid van elkeen nie.

Hierdie verskuiwing van universele beginsels na 'n bevrydingsteorie het verreikende implikasies. Dit beteken dat regte nie meer geld juis omdat jy mens is nie, maar omdat jy aan 'n groep behoort wat op 'n spesifieke tyd geskiedkundig benadeel is. In so 'n sisteem is dit onmoontlik om vryheid as 'n bindende universele waarde te handhaaf. Jou regte is nie joune nie, hulle is geskiedkundig verskaf, polities verhandelbaar, en hang af van jou plek in die politieke narratief. Die gevolg is nie regsekerheid nie, maar regsrelatiwiteit. En dit is die teenpool van wat 'n regstaat behoort te wees.

**Transformasie het geen grondwetlike tekstuele grondslag nie**
Een van die mees onderskatte, maar verreikende, kenmerke van die post-1994 Suid-Afrikaanse regspraak is die wyse waarop die konsep van "transformasie" as 'n grondwetlike imperatief aanvaar word ten spyte daarvan dat die woord self nie eens in die Grondwet voorkom nie. Wat oorspronklik bedoel was as 'n stel universele regsreëls wat alle burgers gelyk beskerm, het stilweg en sonder behoorlike demokratiese of teksgebaseerde rede ontwikkel in 'n ideologiese projek van voortdurende strukturele hervorming. In hierdie opsig het transformatisme - soos dit deur prof. Koos Malan geïdentifiseer word - 'n metareg geword: nie iets wat uit die teks van die Grondwet voortspruit nie, maar wat dit vervang as die ware operasionele grondslag van ons grondwetlike bestel.

Die Grondwet, skryf Martin van Staden, word nie meer gesien as 'n raamwerk wat die mag van die staat beperk en individuele regte beskerm nie, maar eerder as 'n dinamiese instrument wat die staat aktief gebruik om die samelewing te hervorm volgens 'n bepaalde

*(Vervolg op p16)*

## Bevryding as vryheid (verv)

moreel-politieke ideaal. Die probleem, volgens Van Staden, is nie transformasie as sodanig nie - samelewings moet natuurlik ontwikkel en regmaak waar dit kan - maar dat dit sonder eksplisiete teks, sonder openbare debat, en sonder demokratiese mandaat ingelees is as 'n grondwetlike dogma wat alles oorheers.

Die howe het oor tyd 'n patroon gevolg waarin transformasie as 'n implisiete, selfs verhewe norm beskou word, veral in die kontekste van regstellende aksie, ekonomiese “herverdeling”, en sosiale geregtigheid. Die Aanhef tot die Grondwet verwys inderdaad na die erkenning van die ongeregtighede van die verlede en die bou van 'n "regverdige en demokratiese samelewing", maar hierdie frases is moreel-poëtiese openingswoorde - nie operasionele regsnorme nie. Die interpretasie van sodanige teks as regverdiging vir 'n eindelose staatlike herskikking van samelewingsverhoudinge is hermeneuties oordrewe en juridies gevaarlik. Dit bring mee dat ons Grondwet, wat as 'n beskermende skild vir alle individue behoort te dien, al hoe meer dien as 'n werktuig vir die staat se ideologiese ambisies.

Wanneer transformasie nie net 'n beleidsdoelwit is nie, maar 'n stilweg ingeleesde regsnorm, word die regstaat ondermyn. Die kernbeginsel van die oppergesag van die reg, dat die staat aan die wet onderhewig is, dat die wet bepalend is en nie die politieke wil van die dag nie, word vervang deur die beginsel van transformasie. Transformasie as ideologie word dan self 'n nuwe regsnorm, en dit is presies wat Malan as 'n paradigmaskuif beskryf: van konstitusionalisme na transformasionele administrasie. Die ironie is dat hierdie benadering nie net die Grondwet se geesteskrag ondermyn nie, maar dit ook uiteindelik leeg laat in sy vermoë om enige vorm van objektiewe en universele vryheid te beskerm.

**Wat is vryheid, regtig egtig?**

Wat Suid-Afrika dringend nodig het, is 'n herbesinning oor die aard van vryheid. Ons moet terugkeer na die basiese vraag: *Wat is vryheid, regtig?* Is dit om werk te hê? Om toegang tot gesondheidsorg te hê? Of is dit eerder om jou eie oortuigings te kan uitspreek sonder vrees vir vervolging? Om te kan leef sonder staatsinmenging? Om nie gedwing te word om binne ideologiese raamwerke te dink nie?

Ons moet nie hoef te kies tussen leë beloftes van maatskaplike geregtigheid en vryheid nie. Die een is nie noodwendig die vyand van die ander nie. Maar wanneer die staat verplig dat eersgenoemde altyd bo laasgenoemde geplaas moet word, dan is dit nie vryheid nie, maar staatsdwang onder die dekmantel van moraliteit.

Lees die oorspronklike artikel aanlyn:
https://www.ontlaer.co.za/p/bevryding-as-vryheid ❖

---

## ONS IS AFRIKANERS - ‘N BESEF DAT NIEMAND DIT VAN JOU KAN WEGNEEM

***Deur prof. Wilhelm Jordaan***

***Ons bring graag hulde aan prof. Wilhelm Jordaan wat op 23 Augustus 2025 oorlede is. Na sy dood het die onderstaande rubriek wat etlike jare gelede in Beeld (waarskynlik 2012) gepubliseer is, onder ons aandag gekom. Die datum van die rubriek is nie bekend nie. Die inhoud bly egter ook in 2025 aktueel.***

*Die Afrikaners is plesierig;*
*dit kan jy my glo.*
*Hulle hou van partytjies;*
*en dan maak hulle so...*

Almal wat die liedjie ken, en vir wie dit volksbesit geword hef, weet wat op die woordjie "so" volg, is maar net die uitrek van die plesierigheid; 'n bevestiging van lughartige goeie wil en samehorigheid. Dit vertel van mense wat in dieselfde tulg trek.

Maar deesdae (eintlik lankal) is dit vreemd om die versamelnaam die Afrikaner te gebruik terwyl jy weet Afrikaner is lank nie meer 'n eenduidige eenheidsbegrip nie. Jy kan nie meer sê die Afrikaners is plesierig, en hulle laataand onder een lappieskombers toemaak nie.

Daarvoor is daar, soos die (vorige) Staatspresident Sondag in 'n onderhoud met Rapport gesê het te veel wanvoorstellings. leuens, bitsigheid en haat tussen ons. En al die dinge, wat hoofsaaklik deur verskille in die politiek gevoed word, kom lê tussen ons in die fynste vesels van die gemeenskapslewe en maak van ons onplesierige mense wat mekaar nie kan verduur nie.

Waaruit, voor die hand liggend, ŉ venynige deuntjie kom:
*Die Afrikaner is onplesierig,· dit kan jy my glo.*
*Hulle hou nie van mekaar nie;*
*en dan maak hulle so... "*

En wat dan op die woordjie "so" volg, is reeds treurige geskiedenis en onheilspellende toekoms. Nou sê/skreeu/skryf ons vir mekaar die allerverskriklikste dinge oor verraad teenoor die Afrikaner: verworde Afrikanerskap ensovoorts - blykbaar so bestem tot in die lengte van ons dae. Want terwyl vrede tussen "vreemdes" gesluit word, het ons nie vrede met mekaar nie.

Om vandag te hoor jy is nie meer 'n Afrikaner nie omdat jou politiek 'n Afrikanervolk sou verraai, hang swaar aan die hart en maak jou ietwat weerloos. Want die klagstaat sê onder meer: Jy het nie deel aan jou eie geskiedenis nie; jy is 'n vreemdeling sonder herkoms; jy het jou geestelike erflating tot niet gemaak.

Hieruit die vraag: Hoe moet jy wat graag en trots (na

*(Vervolg op p17)*

## Ons is Afrikaners - 'n besef dat niemand dit van jou kan wegneem (verv)

die voorbeeld van Hendrik Bibault in 1707 op Stellenbosch) sê: Ek is 'n Afrikaner, die toekoms ingaan, terwyl daar ander is wat jou klaar as Afrikaner afgeskryf het?

Daar is baie soorte antwoorde, maar 'n bekoorlike een is die wat die Joods-Amerikaanse skrywer Saul Bellow aan die Indiese skrywer Chirantan Kulshrestha gegee het na aanleiding van laasgenoemde se angs om as "verworde Hindoe" skeppend uit sy Hindoe verlede te put:



Ons ís Afrikaners

'n Besef dat niemand dit van jou kan wegneem

Van mens tot mens

WILHELM JORDAAN

*"Jy kan probeer. Jy moet die risiko op jou neem. Op 'n baie gevoelige ouderdom is jy deur die Hindoe- godsdiens beïnvloed. Hoe kan jy dit nou ontken? Dit is een van die dinge wat jou gemaak het wat jy vandag is; dit is die grootste kleinood wat jy besit. Vir niemand in die wêreld hoef jy dit te ontken nie.*

*"Dit is deel van jou skeppende verbeeldingslewe en jy meet dit vertroetel - nie as 'n godsdienstige geloof nie, nie met rasionele argumente nie, maar as iets wat spontaan joune is; 'n lewensfeit.*

*"Dit is soos ek my Joodsheid beskou. Dit is iets in my wat my krag gee. Nie omdat ek die Talmoed, of iets dergeliks, bestudeer het nie, maar omdat ek op 'n kwesbare en gevoelige ouderdom my Joodsheid beleef het. Ek sien my Joodsheid as 'n geskenk; as iets waaroor ek nie hoef te redeneer nie."*

Kom ons sê sommige Afrikaners (die afgeskryfdes) deel die angs van die "verworde" Hindoe-skrywer - om skeppend en verbeeldingryk uit ons verlede te put sonder om 'n slaaf van die verlede te wees. Dan kan Bellow se "raad" veelseggend na 'n andersoortige Afrikanerskap herlei word:

"Ons is Afrikaners. Dit is 'n kosbare, historiese lewensfeit. Maar 'n stryd wat sonder wapens en sonder magsvertoon in ons Afrikanerharte gewoed het. het die lewensfeit omgewerk tot die insig dat selfbevestiging net kan bestaan in die volle, opeisende geregtigheid van naasbestaan.

"Ons is Afrikaners wat skeppend uitdrukking wil gee aan die erkenning en bevestiging van ander se menslike waardigheid. Dit is 'n risiko, maar met die krag van ons Afrikaner-erflating verplaas ons onsself, saam met die bevestigde ander, na die toekoms om die oënskynlik onmoontlike tot sekerheid te bring."

Die soort Afrikanerskap kan niemand van ons wegneem nie. Net onsself. ❖

---

## DIE NAAM VAN DIE KRUGERWILDTUIN

***Afrikanerbond standpunt* - Die naam van die Krugerwildtuin is en bly die Krugerwildtuin en kan nie swig voor populisme nie**

Die EFF se voortvarendheid met naamsveranderinge, soos dié mosie oor die naamsverandering van die Kruger Nasionale Park, is 'n duidelike voorbeeld van populisme wat emosies aanwakker eerder as versoening bevorder.

Die Krugerwildtuin het nasionale sowel as internasionale aansien en lok jaarliks nagenoeg twee miljoen besoekers waarvan ongeveer 20% internasionale besoekers is. Dit het dus 'n ikoniese status en is 'n verandering van die naam van die toerisme-ikoon soos voorgestel 'n onbekostigbare terugwaartse stap.

In 'n tyd waarin Suid-Afrika versoening en eenheid broodnodig het, bring voortdurende naamsveranderinge verdere verdeeldheid en konflik tussen gemeenskappe.

Suid-Afrika se geografiese name, weerspieël tot 'n groot mate die land se diverse geskiedenis, kulture en demografie. Hierdie name is 'n viering van ons erfenis. Tog word name te gereeld verander om politici se agendas te pas sonder inagneming van die kulturele, taalkundige of geloofsdiversiteit van gemeenskappe.

Die EFF mosie om die Kruger Nasionale Park na Skukuza Nasionale Park te hernoem, soos aanvaar deur die Mpumalanga Wetgewer op 23 September 2025 hou ernstige risiko's in. Die grootste hiervan is die handelsmerkwaarde. 'n Nuwe naam sal jare neem om gevestig te raak en het groot finansiële implikasies. Dit is dus nie 'n Mpumalanga erfenis nie. Die Krugerwildtuin is almal se erfenis.



'n Naamsverandering vir die Kruger Wildtuin wat oor vele dekades gevestig is, kan verwarring en besoekersonsekerheid veroorsaak, met ernstige negatiewe verliese vir die toerisme sektor. Die Krugerwildtuin is 'n gevestigde waardevolle simbool van Suid-Afrika se natuurerfenis.

Die EFF se benadering tot naamsveranderinge is om die geskiedenis te herskryf en politieke punte aan te teken om tanende steun te probeer stuit. Dit herinner

*(Vervolg op p18)*

## Die naam van die Krugerwildtuin (verv)

aan die Sowjet-era se praktyke, waar name verander is om politieke teenstanders uit te wis en revolusionêre leiers se status te verheerlik.

In Suid-Afrika lei hierdie tendens tot vervreemding, veral onder Afrikaners, wie se historiese bydraes tot die land se sukses dikwels geïgnoreer word. Die huidige naamsveranderingsproses weerspieël nie Suid-Afrika se leuse van eenheid deur diversiteit nie. Belangrike minderheidsgroepe se opinies word grootliks buite rekening gelaat, wat die persepsie van onreg versterk. Baie plattelandse dorpe wat eens ekonomiese spilpunte was, is nou vervalle, maar spog met 'n nuwe naam.

Die EFF se korttermyn populisme ondermyn die langtermyn waarde van die Kruger Nasionale Park se wêreldwye reputasie. Die feit dat so 'n stap besliste negatiewe implikasies vir plaaslike gemeenskappe sal inhou en hulle direkte en indirekte inkomste gaan raak skeel die EFF min.

Die naam Krugerwildtuin wek wonderlike herinneringe by duisende besoekers wat deur die dekades die natuur en wild bewonder het, en sal voorts ook met so 'n gevestigde naam internasionale besoekers bly lok. Die Afrikanerbond sal dus die naam van die Krugerwildtuin wil behou.

*In 'n afsonderlike verklaring van 'n woordvoerder van die Kruger Laeveld sakekamer die volgende ter kennisname: "dit blyk die EFF het ook nie sy voorgestelde naamsverandering van die Krugerwildtuin na die Skukuza Nasionale Park goed deurdink nie. Skukuza is die bynaam van James Stevenson-Hamilton. Hy is die persoon wat verantwoordelik was vir die uitsetting van die inheemse mense. Hy is gevrees, sy naam is gevrees in die gemeenskappe, eintlik tot vandag toe, omdat hy mense uit die plek waar die wildtuin vandag is, verjaag het. So ek dink nie hulle het dit mooi deurdink nie."* ❖

---

## EIENDOMSREGTE KONFERENSIE - 9 SEPTEMBER 2025

***Eiendomsreg Konferensie - Aangebied deur die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte - 9 September 2025***

***Samevatting van die dag se verrigtinge***

Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte is in 2008 gestig met die eerste konsep-onteieningswetsontwerp, en ons het suksesvol teen die wetgewing gemobiliseer. Die Afrikanerbond behartig die sekretariaat en fasiliteer die groep se aksies. Jaco Schoeman dien as sameroeper van die Ad Hoc Groep.

President Ramaphosa se opmerkings in Zimbabwe het duidelik aangetoon dat die konferensie op die regte tyd plaasgevind het. Dit was 'n geleentheid om kundige insette te kry oor verskeie aspekte rondom onteiening sonder vergoeding aan die een kant en eiendomsregte aan die ander kant.

'n Omvattende oorsigdokument wat ook in die Afrikanerbond versprei sal word kyk na die vordering met grond transformasie die afgelope dertig jaar. Die dokument is opgestel deur Johann Bornman, ekonoom en Voorsitter van Agri Development Solutions (ADS)- Hiermee die skakel na die aanlyn weergawe van die dokument. https://online.fliphtml5.com/hwiua/tsgd/

Prof Andre Duvenhage van NWU het, soos altyd, 'n uitstekende opsomming gegee van die onderliggende probleem van die nasionale demokratiese revolusie. Die ANC het geen geheim gemaak van hul planne nie; dit is alles in hul strategie- en taktiekdokumente. In 2012 het President Zuma sy planne vir 'n radikale ekonomiese transformasie uiteengesit. Hy het dit as volg gedefinieer: 'n fundamentele verandering in die struktuur, stelsels, instellings en patrone van eienaarskap, bestuur en beheer van die ekonomie. Hy kon die ANC-leierskap ook insluit. Daar was geen geheim oor die bedoelings nie, en daardie doelwit kan nie bereik word sonder onteiening sonder vergoeding nie.
Volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=YAFExs9m6nQ

Hans-Jurie Moolman, prokureur en grondregte kenner het 'n uitstekende beskrywing gegee van die baie komplekse wetgewing wat ontstaan het as gevolg van grondbesit en grondhervorming. Hy verwys ook na regspraak wat die wetgewing verder bekragtig het. En dit is baie belangrik, want dit sal 'n noodsaaklike basis wees in die regstryd wat voorlê. Ons sal deur die wetlike kompleksiteite moet maneuvreer om ons posisie te beskerm.
Volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=SNSuP1qyZOE&feature=youtu.be

Prof William Gumede van Wits se skool vir regeerkunde het die belangrikheid beklemtoon om eiendomsregte aan alle grondbesetters te gee. Die geheim vir ekonomiese groei, die geheim vir voorspoed, lê in eienaarskap en dit bestaan nie in die groot gebiede van Suid-Afrika wat steeds onder tradisionele grondeienaarskap sisteme is nie. Hy het ons ook 'n uitstekende insig gegee in die mislukte grondhervormingsprogramme in Algerië, Tanzanië en Zimbabwe waar onteiening sonder vergoeding toegepas is. En dit is ongelooflik dat die ANC nie uit hierdie voorbeelde geleer het nie.
Volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=TYKViCkIsbM

Piet le Roux van Sakeliga het vir ons ook 'n goeie oorsig gegee van die uitdagings wat die private sektor in die gesig staar, en hy het die punt gemaak dat transformasie alle Suid-Afrikaners sal benadeel. En dit is 'n eksistensiële bedreiging.
Volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=WxikgguFV94

*(Vervolg op p19)*

## Eiendomsreg konferensie (verv)

Ons het in 'n onderhoud met Joshua Meservey van die Hudson Institute in Washington 'n eerstehandse indruk gekry oor die Amerikaanse siening van al die ontwikkelings in die VSA en die siening oor Suid-Afrika. Die verhoudinge tussen die VSA en SA moet drasties herstel word maar in die onderhoud blyk dit dat die kans tans skraal is.
Volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=BGhwnFpTiKw

Willie Aucamp, LP en nasionale woordvoerder van die Demokratiese Alliansie het 'n politieke perspektief aan die kwessies gegee. Hy het die sentrale belangrikheid van eiendomsregte beklemtoon en baie interessante insigte gegee in die DA se regsgeding teen die onteieningswet.
Volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=4KORdVTmzq0

Dr Corné Mulder, LP en leier van die VF Plus het gevra dat daar nie aandag gegee word aan die uitsprake van president Ramaphosa nie, veral dié wat onlangs in Zimbabwe gemaak is. President Ramaphosa en die ANC het lankal kontak met enige realiteit in die land verloor. Dr Mulder het ook verwys na hul onlangse besoek aan die VSA en die fokus op Suid-Afrika.
Volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=ISsufPm29AI

Phumlani Majozi het gefokus op eiendomsregte vir alle Suid-Afrikaners en hy het dit gedoen met 'n oog op sy eie persoonlike agtergrond. Hy het ook verwys na die feit dat Suid-Afrika tans die verkeerde nasionale bespreking voer.
Volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=4LS3SePv2z8

Dave Steward het die konferensie opgesom en gesê: Die ANC het niks geleer in dertig jaar nie. Hulle standpunt is gegrond op die ANC se nasionale griewe wat uit kolonialisme en Apartheid spruit. Hulle het niks geleer nie – niks uit die mislukking van die ervaring met kommunisme nie, niks uit die mislukte en negatiewe rasgebaseerde wette van hierdie land nie. Hulle het niks geleer uit die mislukte grondhervormingsprogramme in Afrika nie. Dit is duidelik uit alles wat by hierdie konferensie gesê is dat die ANC aan die verkeerde kant van die geskiedenis is.
Volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=Uiv3-ZRrmbg

Jan Bosman wat die sekretariaat behartig het die konferensie se besluite en standpunt opgesom en dit voorgehou. Dit is algemeen aanvaar. Die volle verklaring is reeds gesirkuleer na die AD Hoc lede en sal ook in die AB se nuusbriewe gepubliseer word.
Volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=IosQB9FyO2g

Samevatting:
Dave Steward "Ons moet onteiening sonder vergoeding in die parlement beveg. Ons moet aanhou om dit te doen. Ons moet dit in die GNU beveg. Ons moet dit bowenal by die stembus en verkiesings beveg. Ons moet dit in ons kerke beveg. Ons moet dit in die howe beveg. En ons hoop dat dit eendag in die raadskamers van maatskappye en besighede beveg sal word, want hulle is nog nie deel van die stryd nie."

Kyk na die volle konferensie en deelnemers se insette en vrae en ook van die sprekers se reaksie daarop.

https://www.youtube.com/live/F-6d2YQws9M?si=VD1L6VO3_vSNCvs5 (Soos op TLU-SA se kanaal) ❖

---

## EIENDOMSREG KONFERENSIE - STANDPUNT

***Standpunte deur die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte soos aanvaar tydens die Eiendomsreg konferensie op 9 September 2025***

**Agtergrond:**
Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van eiendomsregte, is 'n los groepering bestaande uit 'n aantal politieke partye en organisasies uit die burgerlike samelewing wat van tyd tot tyd wetgewing evalueer en aksies ondersteun van die organisasies en partye om wetgewing deur litigasie en nasionale en internasionale mobilisering teen te staan.

In Januarie vanjaar is die omstrede Onteieningswet bekragtig en het 'n aantal organisasies reeds begin of aangedui dat die wetgewing deur litigasie teengestaan sal word. Onder andere sal die grondwetlikheid van die wetgewing getoets word.

Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte het in aansluiting tot die beoogde regsaksie, ook die behoefte geïdentifiseer aan 'n konferensie, ten einde die bewustheid te skep oor die wesenlike gevaar van onteiening wat deur ideologie en partybelange begrond word. Hierteenoor staan die beginsel van eiendomsbesit vir alle Suid-Afrikaners ongeag agtergrond.

Die konferensie het op 9 September 2025 plaasgevind in Pretoria. Sien die verslag en skakel na die verskillende sprekers elders in die nuusbrief.

***Konferensie standpunt soos geformuleer deur Jan Bosman (Sekretariaat) en aanvaar deur die konferensie***
Verskeie organisasies is in die verlede en nog steeds betrokke in aksies van die Ad Hoc groep vir die Beskerming van Eiendomsreg. Ons doel is om eiendomsreg te bevorder. Onteiening sonder vergoeding staan lynreg teenoor die meeste beginsels wat ons bevorder.

Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsreg het tydens 'n konferensie op 9 September 2025 insette van verskeie kundiges, politici en rolspelers in

*(Vervolg op p20)*

## Eiendomsreg konferensie - Standpunt (verv)

die ekonomie en akademie aangehoor. Veral het ons kennis geneem van persepsies in die VSA oor Suid-Afrika.

Die konferensie het na alle insette en beskikbare dokumentasie oor grondhervorming die laaste dertig jaar en feite wat voorgehou is die volgende aanvaar:

- Met die Tema van die konferensie ***"Eiendomsreg – Die sleutel tot vrede"*** bevestig die Ad Hoc Groep dat eiendomsregte vir alle Suid-Afrikaners 'n nasionale prioriteit moet wees.
- Die Ad Hoc Konferensie bevestig die noodsaaklikheid van eiendomsreg vir alle Suid-Afrikaners binne 'n vryemark omgewing.

***Ons neem kennis:***

- Dat verskeie beleidsraamwerke geïmplementeer is om die oordrag van grondeienaarskap te bevorder. Die data en statistiek is beskikbaar gestel. Ons het kennis geneem dat die staat en die regering telkens hulle eie grondhervorming programme ondermyn en laat misluk het.
- Die aanslag op die grondwet is deur die politieke partye en die burgerlike samelewing gestuit. Hierin het die AD Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte ook 'n groot rol gespeel.
- In Januarie 2025 is die onteieningswet deur President Ramaphosa geteken en maak dit die deur oop vir onteiening sonder vergoeding.
- Onteiening sonder Vergoeding het in Afrika deur die gevallestudies wat tydens die konferensie uitgelig is rampspoed en ekonomiese verval vir die lande (Algerië, Tanzanië en Zimbabwe) tot gevolg gehad.
- Met 'n disfunksionele en onbeholpe staat is die potensiaal vir konflik en populistiese optrede altyd 'n ongewensde moontlikheid.
- Ons verwerp President Ramaphosa se populistiese uitsprake in Zimbabwe wat die land se grondhervormingsprogram geprys het. Ons moet in die lig van die uitsprake opnuut waarsku teen grondbesettings in Suid-Afrika. Dit kan nooit 'n alternatief wees vir die regering se onvermoë met grondhervorming nie.
- Ons het kennis geneem dat Suid-Afrika al meer 'n radikale beleidsomgewing ervaar met opswepende retoriek en nog meer beloftes. Veral is die risiko van magsverlies en gepaardgaande verlies van voordele vir die ANC 'n ideale omgewing vir 'n eskalasie van onteiening sonder vergoeding.

***Daarom voorsien ons vir die hede en die toekoms***

- Die burgerlike samelewing se goeie wil en verbintenis tot eiendomsreg word deur die ideologiese beleidsraamwerke bedreig.
- Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte deur die Konferensie van 9 September 2025 verwerp die ideologies gedrewe transformasie agenda van die ANC, wat destruktief in uitkoms is.
- Die konferensie is gevolglik van oortuiging dat die ANC nie met eiendomsregte te vertrou is nie.
- Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte doen 'n beroep op partye en organisasies om druk te plaas op die openbaarmaking van die *2018/2019 "Review of state owned land"* en aanbevelings wat deur die kabinet aanvaar is. Dit sal andersins deur PAIA aansoeke aangevra word.
- Hierteenoor doen Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte en die Konferensie 'n beroep op organisasies, politieke partye en gemeenskappe vir groter samewerking op gemeenskaplike kwessies
- Die oplossing is te vinde in die vrye mark met eiendomsregte vir almal, met individuele verantwoordelikheid.
- Die Ad Hoc Konferensie sal met alle rolspelers saamwerk om eiendomsreg vir alle Suid-Afrikaners te bevorder. Daarom sal ons dit op alle terreine wat insluit die parlement, media en howe verder beveg.
- Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte sal ook saamwerk met rolspelers wat ekonomiese voorspoed deur plaaslike en internasionale investering as vereiste stel en dit as nasionale prioriteit bevorder.




Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte sal oplossingsgerig 'n groter fasiliteringsrol wil speel.

***Die stand van grondtransformasie in Suid-Afrika deur Johann Bornman***

Ons stuur graag die agtergrond dokument oor die stand van grondtransformasie in Suid-Afrika aan vir u kennisname. U kan ook aandui of u die dokument per PDF wil ontvang en sal ons dit aanstuur. Kopieë van die dokument is tydens die konferensie beskikbaar gestel.

Die omvattende oorsigdokument is opgestel deur Johann Bornman, ekonoom en Voorsitter van Agri Development Solutions (ADS)- Hiermee die skakel na die aanlyn weergawe van die dokument. https://online.fliphtml5.com/hwiua/tsgd/ ❖

**Die Eike nuusbrief word uitgegee in samewerking met die Afrikanerbond.**

**KONTAK DIE EIKE**
kommentaar@die-eike.co.za
Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 Faks: 086 658 6343